# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

27 Januarie 1989 | Tel: (011) 836-7236/7/8/9 | Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)

Vrye Weekblad se hofsaak: toetssaak vir persvryheid 3

André Letoit skryf oor twee soorte Boeredrinkers 6

Skikking: Hoe voel die mense van Namibia self? 8 & 9

# Botha se era van korrupsie

**DIE era van PW Botha, wat tien jaar gelede op die trappe van die Parlement ingelui is met 'n belofte van skoon administrasie, is besig om sy einde te nader - as waarskynlik die mees korrupte tydvak van dié eeu.**

Martin Welz

Onthullings oor wye korrupsie op die heel hoogste vlak is besig om soos 'n veldbrand te versprei en die land se vertroue in sy regering erg te ondermyn. Hierdie week alleen het twee Nasionale Party-LP's en 'n minister bedank weens bewerings oor wanadministrasie en korrupsie.

Soos die onthullings een op die ander volg, kan niemand verkwalik word nie as hy dink dat waar 'n groot skelm ook al partytjie hou, 'n minister of sy seun teenwoordig is.

In die volgende weke en maande gaan die onthullings nog dieper in hoë kringe insny.

*Na bladsy 2*






# Jong seun kry polisiekoeël in die kop

Jacques Pauw

'N VLUGTENDE twaalfjarige kind is verlede week op die walle van die Sandspruit in Senekal deur 'n polisiekonstabel doodgeskiet terwyl hy deur die spruit probeer swem het. Die seun [illegible] kort tevore uit polisie-aanhouding ontsnap waar hy op [illegible] van diefstal aangehou is.

Die skok en woede [illegible] Basenki [illegible] Botsane se dood het hierdie week [illegible] nadat dit bekend geword het dat die polisiekoeël die seun op die brug van sy neus, net onder sy oë, getref het.

In nog getuienis wat Vrye Weekblad vandeesweek op dié Vrystaatse dorp ingewin het, blyk dit dat Botsane voor sy ontsnapping aan 'n asblikdeksel vasgeboei was. Hy het gehuil en was baie bang.

Brain Currin, nasionale direkteur van Regslui vir Menseregte, het gesê hy is geskok deur Basenki se "wreedaardige dood". Die optrede van die polisie kan nooit geregverdig word nie.

"'n Verswarende faktor is dat dit aanvaar word dat kinders onder die ouderdom van 14 jaar ontoerekeningsvatbaar is. Die bewyslas berus op die Staat om die teendeel te bewys," het Currin gesê.

Hy het gevra dat die polisiemanne wat by die voorval betrokke was, onmiddellik geskors moet word. 'n Dringende ondersoek moet gedoen word om vas te stel hoe dit gebeur het dat die voortvlugtende kind tussen sy oë geskiet is.

Die kommissaris van polisie, genl Hennie se Witt, het vandeesweek sy spyt oor die voorval uitgespreek en gesê dat dit jammer is dat "die jong seun sy lewe gelaat het".

*Na bladsy 2*

Rozanne Botha — ons eie Patience Strong? Sien VryDag

## In hoeverre mag 'gelystes' aangehaal word?

# Toetssaak vir persvryheid

Jacques Pauw

'N HOFSAAK waarin Vrye Weekblad tereg staan op aanklagte ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid, het vandeesweek ontwikkel in 'n belangrike toetssaak vir persvryheid in Suid-Afrika.

Die regsargument wat voor landdros Pieter Bredenkamp in die Johannesburgse Landdroshof geplaas is, is in watter mate, indien enige, die menings en argumente van gelyste persone gepubliseer mag word.

Die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, word ingevolge artikel 56 van die Wet aangekla dat hy 'n verklaring of aanhaling van die sekretaris-generaal van die SA Kommunistiese Party, Joe Slovo, in die uitgawe van 11 November verlede jaar gepubliseer het. Hy ontken skuld.

Dié saak het Woensdag groot plaaslike en internasionale belangstelling uitgelok en is ook deur diplomate bygewoon. Dit is een van die eerste sake van sy soort in Suid-Afrika waar die redakteur van 'n publikasie in sy persoon ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid aangekla word.

Adv Eberhard Bertelsmann, SA, namens Du Preez, het aangevoer dat die aanklagte teen sy kliënt laat vaar moet word omdat dit nie aan die vereistes van die betrokke artikel voldoen nie.

As Du Preez skuldig sou wees, beteken dit dat elke dosent van die politieke wetenskap bykans elke dag 'n misdryf begaan wanneer hy argumente en beleid van ampsdraers van die SAKP en ANC met sy studente behandel.

In dieselfde mate oortree elke parlementêre politieke party die Wet op Binnelandse Veiligheid wanneer hy sy eie beleid teenoor dié van die SAKP of ANC stel.

Selfs Sondagskoolonderwysers sal kwalik hul lesse kan aanbied omdat hul nie die kinders teen onchristelike standpuntstelling sal kan waarsku nie, het Bertelsmann gesê.

Die Staat het aangevoer dat Slovo voorkom op die sogenaamde Gekonsolideerde Lys van 5 Augustus 1988 en derhalwe mag geen toespraak, uitlating, verklaring of geskrif van hom gepubliseer, gedruk of versprei mag word sonder die toestemming van die Minister van Wet en Orde nie.

Die aanklag draai rondom 'n artikel wat in die betrokke uitgawe geskryf is deur 'n navorser by die Instituut vir Beleidstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand, Mark Swilling.

Bertelsmann het die artikel as "akademies, analities en selfskeppend" beskryf. Dit is Swilling se eie ontleding van die beraad tussen Suid-Afrikaanse akademici, Sowjet-spesialiste en amptenare van die ANC in Leverkusen, Wes-Duitsland.

Bertelsmann het gesê die artikel het nie Slovo direk aangehaal nie, was nie 'n "toespraak, uitlating of verklaring" nie en het dus nie die bepalings van artikel 56 oortree nie. Dit is bloot Swilling se eie indrukke van die debat. Dit is onmoontlik om politieke gesprek te voer sonder om alle standpunte weer te gee.

Hy het gesê die bedoeling van die wetgewer was nie om alle kennis van die publiek te weerhou nie, maar om die "herhaling en vermenigvuldiging" van toesprake en uitlatings te verbied.

Senior staatsaanklaer Arno van Wyk het geargumenteer dat die wetgewer die betrokke artikel "so wyd as moontlik geformuleer het om gelyste persone heeltemal stil te maak".

Van Wyk het gesê dat Swilling 'n debat bespreek het, wat beteken dat daar uitlatings en toesprake moes gewees het wat hy in sy artikel gebruik het. Die betrokke artikel verbied dan ook indirekte aanhalings en gebruik van menings.

In sy repliek het Bertelsmann gesê: "As die staatsaanklaer se argument aanvaar word, beteken dit dat die wetgewer ons probeer vervlak en veronnosel."

Bertelsmann het gesê dat die hof inderdaad die regte van die individu moet beskerm waar dit onderdruk word.

Hy het aangehaal uit 'n hofsaak van 1916, die saak van Rex teen Bunting, waar regter J Wessels beslis het dat indien die wetgewer politieke denke wil onderdruk, hy dit in duidelike taal onomwonde moet stel en nie moet hoop op 'n hof wat dit in sy wydste vorm moontlik interpreteer om individuele vryheid te onderdruk nie.

Bredenkamp het die saak tot 13 Februarie uitgestel wanneer hy oor die verdediging se aansoek vir ontslag sal beslis.

* Bertelsmann word bygestaan deur adv Karel Tipp in opdrag van Bell, Dewar en Hall.

## Boer se vonnis 'erg onvanpas', sê Balieraad

DIE vonnis wat aan die boer Jacobus Vorster opgelê is vir sy aandeel aan die dood van 'n plaaswerker was so "erg onvanpas dat dit nie net skok nie, maar ook woede en kommer uitlok", het Johannesburg se Balieraad in 'n ongewone verklaring dié week gesê.

Verlede November is Vorster 'n volledig opgeskorte vonnis deur Regter JJ Strydom in die Hooggeregshof op Louis Trichart opgelê.

Vorster se klaarblyklik ligte vonnis het wye publisiteit geniet en die regter se bevindinge is skerp in die media veroordeel.

Die voorsitter van die Johannesburg se Balieraad, adv M Labe, SC, het gesê die Raad spreek hom nie gewoonlik oor uitsprake uit nie. "Die Balieraad het gevoel dis nodig om 'n verklaring uit te reik omdat die vonnis die onderwerp van wydverspreide kommer is."

Vorster en sy medepligtige Petrus Leonard is aangekla van moord nadat hulle Eric Sambo op 11-12 Desember 1987 aangerand het.

Hulle het onskuldig op moord gepleit. Vorster het wel skuldig gepleit aan strafbare manslag en Leonard aan aanranding. Dit is deur die staat aanvaar en hulle is op hierdie aanklagte skuldig bevind.

Vorster is vyf jaar gevangenisstraf opgelê, wat in die geheel opgeskort is. 'n Voorwaarde van die opskorting was dat Vorster Sambo se weduwee en kinders R130 'n maand vir vyf jaar betaal.

### Aan boom vasgemaak

Vorster is ook 'n boete van R3 000 (of 12 maande) opgelê. Dit moet teen R250 'n maand oor 'n tydperk van vyf jaar betaal word. Leonard is 'n boete van R500 of drie maande tronkstraf vir aanranding opgelê.

Die twee mans het Sambo op 11 Desember 1987 gevang en hom na Vorster se plaas geneem. Hulle het hom aangerand, hom geskop terwyl hy op die grond lê, en hom toe oornag aan 'n boom vasgemaak. Die volgende dag is hy weer aangerand en toe deur Vorster na die polisie geneem. Hy is kort daarna dood.

Regter Strydom het bevind dat Vorster se jeug en vootvarendheid, asook 'n klein hoeveelheid alkohol, tot sy betrokkenheid by die aanranding gelei het. Maar die Balieraad sê Vorster was reeds 22 en het op sy eie plaas geboer.

Regter Strydom het ook die verleentheid wat Strydom sou ly weens sy kriminele rekord in ag geneem.

"Behalwe die feit dat die hofrekord geen getuienis hieroor bevat nie, is hierdie oorweginge skaars relevant wanneer dit vergelyk word met die feit dat hierdie persoon die oorsaak was van die wrede dood van die oorledene.

"As die opvatting in 'n gemeenskap groei dat dat so 'n misdaad so 'n onbeduidende straf verdien, kan die handhawing van wet en orde erg in gevaar gestel word. Geen wetsgehoorsame sal veilig wees teen gewelddadige en gevoellose moordenaars nie," sê die Balieraad.

## Onweerswolke om skikkingsplan

ONWEERSWOLKE begin saampak om die skikplan vir Namibia wat oor twee maande geïmplimenteer moet word.

Die potensiële probleme draai veral om die verkleining al dan nie van die VV-toesigmag; Suid-Afrika se waarskuwing dat die ooreenkoms in gevaar is weens 'n beweerde opbou van Swapo-magte aan die grens; en voorgenome wetgewing in Windhoek om partye wat geweld goedkeur, te verbied om aan die verkiesing deel te neem.

Swapo het dié week gesê die voorstel dat die United Nations Transition Assistance Group (Untag) van 7 500 tot 4 650 verklein word, "belaglik en onaanvaarbaar" is.

Die organisasie se onder-sekretaris vir inligting en publisiteit, Kandy Nehova, het gesê die pogings is "sinister" en dat so 'n klein VV-mag dit vir die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte moontlik sal maak om burgerlikes tydens die verkiesingsperiode te intimideer.

Die sekretaris-generaal van die VVO, Perez de Cuellar, het vroeër gesê die vermindering sal die VVO sowat R600 miljoen spaar. Sy voorstel geniet die steun van Suid-Afrika en die Wesmagte.

Daar word ook verwag dat Swapo negatief gaan reageer op die aankondiging deur die administrateur-generaal, Louis Pienaar, dat wetgewing voorberei word om "geweld en intimidasie" tydens die verkiesingsveldtog te voorkom.

Pienaar sê konsep-wetgewing wat politieke partye wat geweld voorstaan, sal verbied om aan die verkiesing deel te neem, is byna voltooi.

Die verkiesing behoort volgens die Westerse skikplan, soos vervat in Resolusie 435, plaas te vind en nie volgens Suid-Afrikaanse wetgewing nie. Die skikplan bevat voorskrifte oor politieke partye se houdings teenoor geweld.

## 'Stop Stoffel,' vra beswaardes landswyd

Anton Steenkamp

DIE Johannesburgse dagblad Beeld se beroep verlede week op die regering dat hy met die ANC moet onderhandel, is streng gesproke 'n oortreding van die noodmaatreëls. Die Regering het egter geen reaksie daarop getoon nie.

Só het Raymond Louw, voorsitter van die Red die Pers-veldtog, vandeesweek op 'n "Stop Stoffel"-byeenkoms in Johannesburg gesê.

Byeenkomste is terselfdertyd in Kaapstad en Johannesburg deur die Association of Democratic Journalists gereël om beswaar te maak teen die waarskuwings wat Stoffel Botha, die minister van Binnelandse Sake, ingevolge die noodmaatreëls op vier publikasies - Work in Progress (WIP), New Era, Grassroots en Al-Qalam - bedien het.

Louw het Botha uitgedaag om die inhoud van enige artikel wat in die vier publikasies verskyn het, onder meer oor die optrede van veiligheidsmagte, in 'n hof te betwis.

In Kaapstad het die die onafhanklike LP vir Claremont, Jan van Eck, gesê die Regering probeer om deur middel van streng sensorskap blanke Suid-Afrikaners van die werklikheid in hul eie land te ontneem.

Hulle is die mees geïsoleerde gemeenskap in Suid-Afrika, het hy gesê.

Intussen het dit ook bekend geword dat die Vrystaatse kantore van Cosatu hierdie week onder 'n klopjag van die Veiligheidspolisie deurgeloop het.

Daar is onder meer op verskeie publikasies beslag gelê en 'n beampte is in hegtenis geneem.

Dit is maar net die jongste voorval in 'n reeks aanslae op "progressiewe" organisasies en publikasies in Suid-Afrika, het Cosatu se mediawoordvoerder, Dirk Hartford, tydens die vergadering in Johannesburg gesê.

Die redakteur van Work In Progress, Glenn Moss, het gesê dis verstaanbaar dat Botha teen koerante optree wat hul lesers ingelig hou, omdat die regering op geheimhouding gebou is, en moreel en intellektueel bankrot is.

Die bedreigde publikasies het onder meer boodskappe van steun van die Wes-Duitse ambassade, die redakteur van Business Day, Ken Owen, en die National Union of Mineworkers ontvang.

Brittanje se minister van Buitelandse Sake, Sir Geoffrey Howe, het die verskerpte maatreëls teen die pers onder meer met die Eminent Church Persons Group in London bespreek.

Dit volg op samesprekings tussen twee lede van die Red die Pers-veldtog, Rehana Rossouw en Mansoor Jaffer, en die leier van die kerkafvaardiging, eerw Canaan Banana van Zimbabwe.

Rossouw en Jaffer het hierdie week in London aangekom aan die begin van 'n Red die Pers-toer deur Brittanje en Europa. Hulle sal ook samesprekings hou met die Britse adjunkminister van Buitelandse Sake, Linda Chalker, en die Britse regering se Komitee vir Suid-Afrika.

# Afrikaner moet nog Afrika ontdek

**Die Pretoriase studenteleraar, Dr Willem Nicol, is een van die enkele versetstemme wat opgaan vanuit die NG Kerk teen die regering se apartheids- en veiligheidspolitiek. ELSABÉ WESSELS het met Nicol oor sy posisie in die NGK gaan gesels.**



Willem Nicol

"DIE volk het 'n geweldige houvas op predikante. Hulle is afhanklik van hul gemeentelede.

"As 'n dominee homself ongewild maak, raak die kerk en die kollektebord leeg."

Nicol lag as hy dit sê, maar vir die predikante van die Afrikaanse kerke is dit 'n voldonge feit. Daar is min ruimte vir ongewilde politieke sentimente en "radikale elemente" in die kerk.

Nicol word deur die Afrikaner establishment as só 'n radikale element beskou. Hy skryf oor die simbiotiese aard van die NG Kerk en die regering, hy veroordeel rassediskriminasie as 'n "walging", hy doen 'n beroep op nasionale eenheid en verklaar sy solidariteit met die bevryding van die onderdruktes in Suid-Afrika.

Hy word dikwels oor die kole gehaal. Prof Johan Heyns, die moderator van die NGK, het self twee weke gelede woorde met Nicol in die pers gewissel oor die NGK se stilswye oor staatsgeweld.

Op sy ingetoë manier stry Nicol wat hy as "die goeie stryd" beskou.

Volgens Nicol is predikante in die grootste wit Afrikanerkerk wat hul teen die onreg van die regering verset maar dun gesaai. "Daar is nie 'n sterk verset-element nie," sê hy self.

Met sy versetstem is Willem Nicol ook besig om die Nicols se politieke geskiedenis te herskryf. Tydens die Nasionale Party se segetog van 1948 het sy pa, wyle William Nicol - ook 'n leraar in die NGK - die eerste regeringsgesinde administrateur van Transvaal geword.

Vandag beitel Nicol jr van binne aan die magsmonoliet van kerk en staat.

Die afgelope twee weke het Nicol opnuut aan die gevestigde karakter van die NGK getorring.

"Die NGK is te nou verbonde aan die regering. Die afgelope 50 jaar het die opkoms van die apartheidsideologie parallel geloop in die NP en die NGK. Toe 'n verswakking van die streng geloof in rasseskeiding ingetree het, was die kerk en regering weer eensgesind.

"Maar in die sewentigerjare het ons die opkoms van die geloof in veiligheid beleef. Hier het kerk en staat weer eens saamgeloop. Dit het gekulmineer in die aanvaarding van Kerk en Samelewing in 1986, waarin ons gesê het ons glo nie meer in rasseskeiding nie, maar ook nie in verset teen die staat nie," wys Nicol op die tweepas wat kerk en regering uitvoer.

Kerk en Samelewing is ondanks hewige druk van verkrampte elemente in die NGK op die Algemene Sinode van 1986 as nuwe beleidsdokument aanvaar.

Ondanks die stap vorentoe, het Nicol en 'n handjievol leraars die tekortkominge in die dokument uitgewys.

"In Kerk en Samelewing is daar nog glad nie genoeg van 'n kritiese instelling teenoor die gevaar van militarisme, staatsabsolutisme en geweldsverheerliking nie," waarsku Nicol.

"Daarteenoor is daar ook in Kerk en Samelewing veels te min begrip vir die reg van verset, veral van niegeweldadige verset.

"Kerk en Samelewing veroordeel verset teen die regering in geheel, maar dit is deel van ons Calvinistiese tradisie om die reg tot verset te erken. Calvyn het duidelik gesê waar daar absolute onreg is, gewapende verset geregverdig is.

"Kerk en Samelewing erken daardie reg teoreties, maar wanneer dit ons samelewing aanbetref, word dit nie aangespreek nie," sê Nicol.

Nicol herlei die saamloop van kerk en regering na die "tradisie van die Afrikanervolk.

"Kerk en regering bestaan uit dieselfde mense. Die Afrikanervolk het nog altyd sy party en kerk gehad," sê Nicol.

Maar waarom bly hy in die NGK? Dink hy werklik dat hy, deur binne die kerk te bly, iets kan doen om die kerk te verander?

Nicol glo vas dat dit wel so is: "Ek dink dat die NGK nog gaan regkom. Die NGK en sy swart en bruin susterkerke sal nog baie bydra om nasionale eenheid te bewerkstelling. Dit mag nog 'n hele tyd neem en dit mag selfs wees dat die politiek die kerk 'n hele ent vooruit is.

"Maar die dag wanneer die kerk wel verander, sal die sogenaamde radikale elemente 'n belangrike rol speel in die genesingsproses."

Wat stel hy voor moet die Afrikaner doen?

Die Afrikaner moet tuiskom in Afrika, sê hy dadelik.

"As ons vorentoe kyk, sien ons die pad loop dood. Afrika begin ons reguit in die oë staar. Ons word verplig om op gelyke vlak vrede te maak. Dit word histories noodsaaklik, maar gelukkig is dit wat ons geloof van ons vra.

"Dit is die nuwe lewenshouding wat moet ontwikkel: Ons moet tuiskom in Afrika.

"Ons moet besef ons is 'n klein minderheid wat Afrika nog moet vind. So kan die Afrikaner 'n ware Afrikaner word en soos 'n ware Christen optree."

"Dit impliseer dat ons gewillig moet word om met alle betekenisvolle politieke groeperings te skik. Dit beteken dat die blankes as ongeveer vyftien persent van die bevolking nie beheer oor die sentrale politieke mag sal kan behou nie. Ons moet gewillig wees dat die mag in die skikkingsproses oorgedra word aan 'n regering wat die goedkeuring van alle bevokingsgroepe wegdra."

Glo hy dat 'n mens mag bid vir die verwydering van die regering? Nee, sê Nicol. Maar 'n mens mag wel bid vir 'n beter regering.

# PFP verdeeld oor Zach de Beer

**Elsabé Wessels**

VERDEELDHEID in die Progressiewe Federale Party oor Zach de Beer se posisie as leier van die voorgestelde nuwe politieke party sal môre (Saterdag) op die party se Federale Raad besleg moet word.

Die leier van die Nasionale Demokratiese Beweging, Wynand Malan, en die leier van die Onafhanklike Party, Denis Worrall, is sterk gekant teen die PFP se huidige standpunt om De Beer as leier van die nuwe party te steun.

Hul standpunt dat die samesmelting van die drie partye verongeluk kan word indien die PFP op De Beer se leierskap aandring, word ook in PFP-geledere gesteun.

Die leierskapskwessie is die belangrikste punt op die agenda van die loodsingskomitee van die nuwe party wat op 4 Februarie weer vergader. Die saak is om strategiese redes nie op die vorige vergadering bespreek nie omdat daar gemeen is dat die Federale Raad van die PFP die saak eers moet heroorweeg.

De Beer, wat in Augustus verlede jaar as nuwe leier van die PFP aangewys is, se steun wissel van streek tot streek, het ingeligte bronne gister gesê.


Hy word deur die sogenaamde "magskliek" in die party gesteun, en sy sterkste steun lê in die Suid-Transvaal.

In Natal, Oos-Kaapland en die Noord-Transvaal word daar egter sterk teen De Beer as leier gepraat, terwyl Wes-Kaapland verdeel is.

Woordvoerders van die PFP in Natal en Noord-Transvaal het hul misnoeë uitgespreek met PFP-verklarings wat vroeër dié maand uitgereik is, waarin De Beer as die "beste man vir die posisie" gesteun word.

'n Voorstel vir 'n ander leier as De Beer is reeds deur die PFP in Natal aan die Federale Raad van die PFP gerig. 'n Woordvoerder van die PFP in Noord-Transvaal het gesê indien De Beer se posisie die stigting van 'n nuwe party bedreig, moet die Federale Raad dringend hul standpunt heroorweeg.

Verskeie streeksverteenwoordigers het gesê dat die nuwe party ten alle koste gesteun moet word. Hulle het daarop gewys dat De Beer se persoonlike standpunt môre deurslaggewend kan wees. Hy beywer homself reeds geruime tyd vir die stigting van 'n "linkse" politieke party.



De Beer wou gister nie kommentaar lewer op die leierskapskwessie nie, maar het gesê hy sal môre verslag doen aan die Federale Raad oor die vordering van die loodsingskomitee. "Ek gaan by hulle 'n mandaat soek vir verdere onderhandelinge."

Hy het daarop gewys dat dit "nie toevallig is nie" dat die loodsingskomitee so kort ná die PFP se Federale Raadsvergadering byeenkom nie.

Douglas Gibson, die leier van die PFP in die Transvaal, die PFP se sterkste bakermat, en die party se Kaapse leier, Roger Hulley, steun openlik De Beer se aanspraak op die leierskap.

Gibson het aan Vrye Weekblad gesê dat De Beer die enigste persoon van formaat is wat tans vir die leierskap beskikbaar is en "kop en skouers" uitstaan bo enige ander naam wat genoem word.

Hulley het gesê dat De Beer op enige toekomstige kongres as leier van die nuwe party deur die PFP voorgestel sal word. "Vir ons bly Zach die beste man om die brug te bou tussen binne- en buite-parlementêre groepe."

Hy het egter bygevoeg dat die PFP hulle by 'n demokratiese besluit oor die saak sal neerlê.

Tian van der Merwe, die PFP se LP vir Groenpunt en lid van die stigtingskomitee het sy steun aan De Beer toegesê, maar bygevoeg dat 'n "kompromie-voorstel" die skaakmatposisie nog kan red.

So 'n kompromie sou moontlik wees indien die leierskapskwessie vir 'n demokratiese beslissing na 'n latere kongres van die drie deelnemende party verwys word.

# Fawu en Pepsi maak eie reëls

**Anton Steenkamp**

DIE Food and Allied Workers Union (Fawu) en Pepsi-Cola het die omstrede bepalings van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge omseil deur hul eie erkenningsooreenkoms op te stel.

Die ooreenkoms maak voorsiening vir arbitrasie om geskille tussen die werkers en bestuur op te los, en verbied die partye om hulle tot die Nywerheidshof te wend, wat die geval onder die Wet sou wees.

Die bestuur van Pepsi onderneem om nie "aanstootlike bepalings" van die Wet te gebruik nie, sê die taksekretaris van Fawu in Kaapstad, Miles Hartford.

As werkers hulle by die voorwaardes van die ooreenkoms hou, het hulle die reg om te staak, ondanks die bepalinge van die Wet.

Die ooreenkoms maak voorsiening vir dissiplinêre, griewe- en afdankingsprosedures.

Deur middel van die ooreenkoms sal die owerhede enige rol in Pepsi se arbeidsverhoudinge ontneem word.

Die idee dat werkers en bestuur hul eie ooreenkomste oor arbeidsbetrekkinge moet sluit, is verlede jaar deur die bekende arbeidsprokureur Clive Thompson geopper.

Sodoende word die bepalings van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, wat skerp deur regsgeleerdes en vakbondleiers gekritiseer is, omseil.

# Vakbondreus in klerebedryf

**Karla Robbins**

DIE klerebedryf maak hom gereed vir 'n nuwe vakbondreus.

'n Vakbond met 200 000 lede kan onstaan indien eenheidsamesprekings tussen die Garment and Allied Workers Union (Gawu) en die Amalgamated Clothing and Textile Workers Union of South Africa (Actwusa) slaag.

Die onderhandelinge oor samesmelting begin vandag.

So 'n vakbond sal die National Union of Metalworkers of South Africa (NUM) as die tweede grootste vakbond in Suid-Afrika vervang en dis amper seker dat hulle by Cosatu sal affilieer.

Op die oomblik is Actwusa by Cosatu geaffilieer, en Gawu het reeds 'n Cosatu-kongres as waarnemer bygewoon.

Voorlopige samesprekings tussen die twee vakbonde het verlede maand in Durban onder beskerming van Cosatu plaasgevind. Cosatu het ingegryp nadat vorige samesprekings doodgeloop het.

Die hoofsekretaris van Gawu, Desmond Sampson, sê: "Dis nog te vroeg om van 'n samesmelting te praat. Die onderhandelinge is in 'n delikate stadium."

# Bier-Boere, whisky-Boere en Broeders

**ANDRE LETOIT, alternatiewe musikant, alternatiewe skrywer, alternatiewe digter, skryf uit ballingskap in Hillbrow**

**DIE voorblad van 8 Januarie se Sunday Times het my só geïnspireer dat ek na 'n pen moes gryp. Ja!!**

Ná ek klaar was met Jani Allen se boeiende onderhoud met Jani Allen (is dié vrou nie stunning nie? Hoe kan 'n blondine só ontsaglik slim wees? dit gooi alle statistieke omver!) let ek die storie op van Des en Dawn Lindbergh se kasset wat "per abuis" skoongevee is deur die omies by die SAUK.

(Toe ek klein was, moet ek byvoeg, was Des Lindbergh een van my helde; my ma-hulle het vir my 'n hele LP van hom gekoop en die Gezoem van die Bye het só indirek 'n seminale invloed op my sangloopbaan gehad. Hoewel die impak van daardie epiese lied jare later ietwat vir my gedemp is deur die afgryslike This Land is Our Land - seker naas Rina Hugo se Drakensberge van Verlange die mees fascistiese Afrikaanse lied ooit vasgevang op viniel!)

In 1986 was ek self werksaam by die SAUK as oorklankvertaler. So pas het ek my opleiding voltooi en 100 persent gekry vir die laaste eksamen, toe 'n brief onder my naam in Rapport verskyn: "Die mense verantwoordelik vir die keuse van musiek op TV moet almal stadig doodgemartel word."

Binne 'n week was ek my werk by die SAUK kwyt. Ek is nie afgedank nie. O nee.

Iemand het skielik agtergekom dat my eksamen foutief gemerk was. Ek moes weer 'n oorklankeksamen aflê. Vir die tweede eksamen het ek nul persent gekry, en ek is beveel om die hele kursus oor te doen.

### ANONIEM

Ek weet tot vandag nog nie wie verantwoordelik was vir die besluite nie - hulle sal altyd gesigloos bly, hoekoppe agter geslote kantoordeure, anonieme Broeders met gawe voorname (hoeveel van hulle is werklik pedofiele?) en harte brandende vir die saak van die Afrikaner.

Dit bring my by die eintlike doel van die brief (en ek is seker net Vrye Weekblad sal genoeg guts hê om dit te publiseer - daar is, sover ek weet, nie 'n Broeder op hul redaksie nie).

Ek wil myself en die lesers vra: het Afrikaners nog bôls?

Dat Eugene Terre'Blanche bôls het, betwyfel niemand nie, sekerlik ook nie die stunning blondine wat ek flussies genoem het nie. Al het ek die afgelope paar jaar geesdriftig van sy politieke idees verskil, was hy die enigste werklik geloofwaardige orator waarvan ek weet.

Sy epiese, poëtiese retoriek, vars soos die reuk van mielies uit die Wes-Transvaal (daar is mos mielies? Ek praat onder korreksie) was 'n vars briesie, die eerste vars briesie na die tragiese val van Jan Smuts in 1948.

En toe dit boonop bekend word dat hy 'n man is wat sy dop kan steek en (ten spyte van sy voorkoms) vroue se knieë lammmer maak as Pik óf sy seun Piet, het my estimasie vir hom drievoudig gestyg.

Ek moet beken ek hét nou weer 'n held - vir die eerste keer na Des.

Vir my, terloops, is hy die aangewese man wat die nuwe party links van die NP moet lei. Hy het al die regte kwaliteite: hy is Afrikaans, hy het charisma, én hy het die regte connections by die Engelse Pers (hy kry meer rave reviews by hulle as wat Zach de Beer ooit van kan droom. Al moes hy gatecrash voordat hy behoorlik aandag kon kry.)

Die Broederbond, daarenteen, het nie bôls nie. Ja, en veral noudat Danie Craven nie meer in hulle goeie boekies is nie, is hulle 'n totaal ballose organisasie!

Ek kan my voorstel dat ek, met my swakheid vir alternatiewe bewegings, in die dertiger- en veertigerjare maklik 'n Broeder sou kon wees. Hulle was tóé exciting. Hulle het toe, bowen alles, 'n legitimate cause gehad - hulle het geveg teen Engelse onderdrukking op ekonomiese en kulturele gebied! Hulle was die Boere se UDF en Inkatha tegelyk.



Wie is die Broederbond vandag? Sekerlik allesbehalwe 'n "dinkskrum" (drinkskrum, more likely). Nee, hulle is 'n versameling besadigde skoolhoofde, mompelende ministers, biltongvretende dominees, verkeershoofde, pedofiele en Voortrekkerneefs wie se eerste belang lankal nie meer die welsyn van die Afrikaner as sulks is nie, maar hul eie poste en baantjies-vir-boeties.

Ons "volk" is gekastreer - hulle mag en kan nie meer vir hulleself dink nie. Kassette met onskuldige liedjies word op sinistêre wyse skoongevee!, susterkerke baklei onder mekaar! - ja, die argumentatiewe aard van die Afrikaner breek selfs buite die Broederbond uit.

Dit wys in my eie kinderagtige skinderveldtog teen Your Highness Kerkorrel, 'n mede-alternativis; dit wys in die aparte Groot Trekke (soos in 1838, so ook in 1988); in die intensely boring literêre bekgevegte tussen Joan Hambidge en Gerrit Olivier, Kannemeyer en Cloete; in die spektakulêre breekspul tussen Wynand Malan an Denis Worrall, die enigste oorgeklankte verligte Afrikaner waarvan ek weet behalwe Naas Botha net ná sy terugkeer uit Amerika met 'n Texas-aksent.

Dit wys ook in die vuilspel in die Rugbyraad se los gemaal in en om die kwessie van die ANC - Afrikaner-eenheid, helaas, is dalk nié iets wat ons iewers langs die pad verloor het nie - dis more likely iets wat ons nog nooit gehad het nie.

Want ons het vanaf die vroegste tye basies twee verskillende soorte Afrikaners gehad.

Wimpie de Klerk noem hulle die verligtes en verkramptes. Ek noem hulle die bier- en whisky-Afrikaners; die bier-Afrikaners synde die meer behoudende groep wat rondsit in snoekerkamers en knaag aan Koue Kastele, en dan die meer Europees-georiënteerde, vrydenkende geeste - die whisky-geeste - wat dameskroeë en gemengde geselskap verkies, al drink hulle ook eintlik meer bier as iets anders.

Die bier-Afrikaners is die bôls van die volk. They've got the backbone. Manne soos Eugene Terre'Blanche, Frik du Preez (oeps), HF Verwoerd (al was hy oorgeklank uit Hollands), genl De Wet, Jopie Fourie, Oom Paul, en Louis Luyt (moenie mislei word deur sy vriende nie).

Hierdie groep word byna deur die bank gekenmerk deur imposante profiele en dik stemme. Hulle wen maklik bakkies in Rapport-kompetisies, hulle eet pap (nes Inkatha), hulle dra kortmouhemde (nes Australiërs); hulle is die peri-peri van die subkontinent en die sout van die aarde.

Hulle is eintlik wonderlik.

### Ryk Tulbagh

Onder die whisky-Afrikaners tel ek mense soos Ryk Tulbagh, Piet Retief, Breyten Breytenbach, Wimpie de Klerk self (hy drink egter, so ver ek weet, liewer brandewyn), ekself, Des Lindbergh (ek kan sweer daarvoor hy't Afrikaanse liedjies gesing voor Dawn hom die lig laat sien het), al die intellektuele van Stellenbosch, die hele redaksie van De Kat, maklik die helfte van die redaksie van Insig, party lede van die Presidentsraad, en selfs een rugbyspeler - die digterlike, hoogs post-modernistiese oudkaptein Wynand Claassen.

Hulle is die breinkrag van die volk. Dis hulle wat Dakar toe vlieg en makietie hou in Luanda - dis hierdie tipe wat deur die Regering gestuur word om belangrike Amerikaners op lughawens te ontmoet want hulle kan goed Engels praat.

Hulle glo in demokrasie, hulle woon teen hul sin in blanke groepsgebiede, hulle staan op aandag vir Tracy Chapman en hulle kyk nou openlik rugby pleks van in die geheim nadat Dr Craven dit trendy gemaak het.

### Vrye geeste

Hulle is ook wonderlike mense, vrye geeste, denkende filosowe, sestigers, holistiese professore en agnostiese atletiekbeamptes.

Dié twee groepe is amptelik essensieel Afrikaans - in Inkatha-terme is hulle die Dingaans en Buthelezi's van ons tyd.

Afrikaner-eenheid is dus 'n illusie, en sal altyd 'n illusie bly. En dis nie so erg nie - nee wat. Die Iere kan ook nie saamstem nie. Deesdae brom selfs die Russe openlik teen mekaar onder hulle wolmusse.

Maar my magtig, as daar een ding is wat ons van die Amerikaners kan leer, horrible oorgewig nasie wat hulle ook al is, is hoe om beskaafd te verskil. Die Amerikaners het lankal besef dat meningsverskil 'n sirkus kan wees, en dat sirkusse, soos alle private ondernemings, geld kan maak.

Ek sê: gee almal vryheid van spraak. Ek sê aan die SAUK.: saai my en Kerkorrel uit, moenie worry oor M-Net of oor Des se kassette nie. As ons phonies is, wag daar iewers voor in die wapad 'n Boksburg op ons Alternatiewes ook (met hopelik ook 'n Jani Allen ingegooi in die deal vir bietjie Boeretroos).

Ek sê aan PW: Vergeet jou eise teen Vrye Weekblad - hulle is jou bondgenote teen Donkerhoek se baarde.

Ek sê aan - nou kan ek nie meer onthou wat ek alles wou sê nie; en my skryfblok is leeg.


# Vrye Weekblad

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

**Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?**

**As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.**




**Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

**Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir**

R ..........................................................

Naam: ..........................................................

Adres: ..........................................................

..........................................................

..........................................................

# ONS STEEK NIKS WEG NIE

# 'n Stryd om lewe en dood

**PETER HENDRICKSE, LP vir Addo, woordvoerder van die Arbeidersparty en seun van eerw Allan Hendrickse, sê: Ons verkies Pik Botha as opvolger, want met hom kan jy gesels; Chris Heunis weet nie wat die woord onderhandel beteken nie; die Arbeidersparty is ook 'n bevrydingsbeweging; Stoffel van der Merwe het al in 1981 saam met ons met die ANC gesels; ons verskil nie juis van die ANC oor hoe 'n toekomstige Suid-Afrika moet lyk nie; ons gaan nie verder oor die Groepsgebiedewet gesels nie. Dis 'n mors van tyd en geld.**

**JACQUES PAUW het 'n onderhoud met hom gevoer oor sy party se soeke na kontak met die ANC, hul siening van die Groepsgebiedewet, en wie hulle as opvolger vir Staatspresident PW Botha wil hê.**



**V: Kan jy die versekering gee dat julle net sal instem om 'n algemene verkiesing uit stel indien die Groepsgebiedewet afgeskaf word, en onder geen ander omstandighede nie?**

A: Absoluut ja, want dit was 'n besluit van ons kongres wat nou weer in Bloemfontein herbevestig is. Ons is moreel verplig om 'n verkiesing te laat plaasvind. Ons gaan verkiesing hou.

**V: Indien Staatspresident PW Botha sou besluit om uit te tree, wie sou jy as opvolger verkies?**

A: As ek 'n keuse het tussen die manne wat tans in die Kabinet is, sal ek vir Pik Botha verkies. Ek dink hy is 'n tipe van persoon met wie jy kan gesels. As gevolg van sy ondervinding in die buiteland en in Afrika het hy die vermoë om te onderhandel.

**V: Wat van Chris Heunis?**

A: Hy weet nie wat die woord onderhandel beteken nie. Ons het baie probleme om by hom uit te kom. Dis 'n baie koel verhouding. Ons het in Desember met hom 'n vergadering gehad en is veronderstel om weer hierdie week te vergader.

**V: Waarom die skielike begeerte om met die ANC te gesels?**

A: Ons wil nie net met die ANC gesels nie. Ons wil met alle groepe en organisasies gesels wat teen apartheid gekant is, binne en buite die parlement en buite die landsgrense. Dit sluit die ANC, PAC en die UDF in.

Die ANC is 'n realiteit en 'n speler in die Suid-Afrikaanse opset. Ons verskil met hulle oor strategie, want ons glo nie in geweld nie. Ons dink dit is onrealisties van die regering om van die ANC te verwag om eers geweld af te sweer.

**V: Het julle tans enige kontak met die ANC?**

A: Nee. Ons het in die verlede kontak met die ANC gehad, in die sewentigerjare. Daar was ook 'n vergadering in Athene in 1981 waar ons saam met Stoffel van der Merwe, Wynand Malan en twee ouens van die destydse Eerste Minister se kantoor met die ANC gesels het.

Die ANC moet gesien word as 'n bevrydingsbeweging en nie soseer as 'n politieke organisasie nie. Daar is sekerlik ook kommuniste wat lede is van die ANC, maar daar is ook die ou wat 'n pure nasionalis is.

**V: Het julle al kontak met die UDF gemaak?**

A: Nee, tot dusver het die UDF geweier om met ons te gesels. Dis een van ons grootste oogmerke vir die toekoms om by die ANC en die UDF uit te kom. Ons sien die Arbeidersparty nie net as 'n politieke party nie, maar ook as 'n bevrydingsbeweging.

**V: Die ANC het onlangs sy grondwetlike voorstelle vir 'n toekomstige Suid-Afrika bekendgestel. Hoe verskil julle bloudruk van hulle s'n?**

A: Die een punt waar ons beslis verskil, is dat die ANC 'n unitêre eenheidstaat voorstaan. Ons kyk na 'n nie-rassige, geografiese federale stelsel. In terme van hulle ekonomiese beleid maak hulle ook voorsiening vir private inisiatief. Ons verskil nie veel van mekaar nie.

**V: Is julle nie moreel verplig om nou uit die Parlement te tree nie. Toe julle besluit het om deel te neem, het julle gesê julle gee die regering vyf jaar tyd om van die Groepsgebiedewet ontslae te raak. Ná vyf jaar is daar geen vordering oor die Groepsgebiedewet nie.**

A: Ons Eshowe-besluit verwerp die nuwe grondwet omdat die meerderheid Suid-Afrikaners uitgesluit is. Ons het besluit om deel te neem om ons doelstelling van 'n nie-rassige Suid-Afrika te probeer bereik. Ons het gesê ons sal na vyf jaar teruggaan na die mense om oor voortgesette deelname te besluit. Daarom móét ons hierdie jaar stembus toe gaan.

**V: Tog het julle op die oog af met deelname baie min bereik. Ons staan voor nuwe wetgewing wat die Groepsgebiedewet gaan verskerp. So, wat het julle bereik?**

A: Ons is tans die mees effektiewe opposisie teen die Regering. As jy byvoorbeeld kyk na die UDF, het die Regering hom vir alle praktiese doeleindes stilgemaak. Die Arbeidersparty het die Regering in 'n hoek oor die verkiesing en herafbakening - oor ons deelname.

**V: Daar was gerugte met die onlangse kongres dat een van die redes waarom LP's so gretig was om deelname voort te sit, baie te make het met die vooruitsig van 'n lewenslange pensioen. Nog twee jaar en julle het die pensioen.**

A: Daar was 937 afgevaardigdes by die kongres wat die besluit geneem het, nie die stuk of sestig LP's nie. Ons kan enige tyd besluit om te onttrek. As geld die oorweging was, sou ons mos die verkiesing tot 1992 uitgestel het.

**V: Wat is julle plan van aksie met die Groepsgebiedewet?**

A: Die Presidentsraad se aanbeveling was dat dit terugverwys moet word na die Parlement. Wat ons betref is dit 'n verkwisting van tyd en geld. Ons wil nie eens 'n veranderde vorm oorweeg nie, want hierdie wet is onchristelik en duiwels en moet afgeskaf word.

**V: Wat is die geval met herafbakening?**

A: Ons het nie beginselbesware nie, maar omdat dit 'n verskanste klousule is (maw al drie Huise moet dit goedkeur), is dit nou ons meganisame vir onderhandeling. Julle wil ons samewerking hê, maar wat gaan julle vir ons gee?

**V: Wat is julle bereid om te aanvaar in ruil vir julle goedkeuring vir herafbakening?**


A: Ons dink nie die regering is bereid om afsonderlike geriewe af te skaf nie. Wat ons van die regering nodig het, is 'n aanduiding dat hulle nog ernstig is.

**V: Dink jy die regering is nog ernstig oor hervorming?**

A: Nee, enige regering wat wette soos die trilogie na die Parlement bring en dit probeer verkoop as hervorming, het 'n verwronge idee van hervorming. Ons sien dit as 'n stap agteruit. Ons is besig met 'n stryd om "life and death", maar die regering kom met semantiek, en ons sien nie kans daarvoor nie.

# Arbitrasie vinniger en goedkoper as hof

**Arbeidsrubriek deur THEO HEFFER, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**



ONS leef in 'n tydperk wat hoë eise stel. Groepe met uiteenlopende belange leer opnuut om hulle verhoudinge onderling te reël en weg te beweeg van "tradisionele" metodes.

Dit kan weens buitelandse druk of weens veranderings in die magsbalans tuis plaasvind. Party veranderings en aanpassings vind meer vrywillig plaas. Daar is diegene wat eerlik wil wegbeweeg van praktyke waarmee hulle nie langer gerus voel nie.

Ander strewe slegs na hervormings wat bereken is om swart aspirasies te probeer bevredig voordat hulle 'n onbeheerbare bedreiging vir wit oorheersing word. Nog ander wil miskien verseker dat met wit oorheersing weggedoen word, maar dat dit geleidelik, of ordelik moet plaasvind.

Dit alles verg 'n stylverandering in die proses van groepsinteraksie en intergroepsverhoudinge.

Geskille en konfrontasies is in dié proses onvermydelik. Selfs waar onderhandelinge plaasvind, sal dit dikwels op 'n dooie punt uitloop. Die behoefte aan 'n liggaam wat kan bydra tot die beslegtiging van geskille, is ooglopend.

Dit is ook duidelik dat so 'n liggaam nie op die betrokke partye afgedwing kan word nie. Om effektief te wees, is dit noodsaaklik dat die partye so 'n liggaam vrywillig aanvaar.

Die stigting van die Onafhanklike Bemiddelingsdiens van Suid-Afrika (IMSSA) in 1983, het uit hierdie behoefte in die sakewêreld gevloei, en volg op Suid-Afrika se nuwe arbeidsbedeling. Meer spesifiek was dit die wetlike onderskrywing van werkers se reg om te verenig, wat daartoe gelei het.

Hierdie reg, wat in 1948 al deur die Internasionale Arbeidsorganisasie aanvaar is, word as 'n basiese mensereg in die Westerse wêreld beskou. Dit is selfs opgeneem in die grondwette van verskeie Europese lande, asook in die Universele Verklaring van Menseregte en die Internasionale Handves oor Burgerlike en Politieke Regte.

IMSSA het klein begin en is nie onmiddellik deur die vakbonde of werkgewers aanvaar nie. In 1984 was die liggaam vir 39 bemiddelings en 5 arbitrasies verantwoordelik. Verlede jaar was daar meer as 300 IMMSA-bemiddelings en oor die 200 arbitrasies.

Charles Nupen, IMSSA-direkteur, skryf hierdie vinnige groei toe aan die feit dat die betrokke partye die proses van onderhandeling ondersteun en dit vir hulle belangrik is dat dié proses werk. Dit is 'n proses wat albei partye raak, en hulle kan dit self beheer.

'n Bemiddelaar tree in 'n arbeidsgeskil op slegs wanneer albei partye dit vrywillig versoek. Bemiddeling is 'n voortsetting van die onderhandelingsproses. Die partye word geensins gedwing om enige aanbevelings van 'n bemiddelaar te aanvaar nie en die beslegting van geskille bly altyd in die hande van die twee primêre deelnemers, nl. werkgewers en vakbonde.

Die oorgrote meerderheid van gevalle waar bemiddelaars ingeroep word, gaan oor belangegeskille (waar nuwe regte geskep word) soos bv loononderhandelings. Dit word egter duidelik dat bemiddeling ook van nut kan wees in geskille oor bestaande regte van die partye.

Hierdie soort geskille word al hoe meer deur die partye na arbitrasie verwys. Hoewel die arbiter finaal besluit oor 'n geskil en sy beslissing die partye verbind, word arbitrasie al hoe meer deur sowel vakbonde as werkgewers verkies, omdat hulle nogtans 'n groter mate van beheer oor die proses behou.

Die partye kan self besluit oor die arbiter, sy opdrag, die presiese aard van die geskil, sowel as enige beperkings op die regstelling daarvan. Dit is 'n eenvoudiger, vinniger en goedkoper proses as litigasie en die partye kry ook 'n finale beslissing - dus 'n einde aan die geskil.

Ironies wil dit voorkom asof langdradige en onsekere statutêre prosedures - onlangs ook onaanvaarbare voorskrifte - daartoe lei dat die partye hul arbeidsverhoudinge al hoe meer privatiseer. Deur private arbitrasie behou hulle in 'n groot mate beheer, en dit oor 'n meer doeltreffende proses.

In die afgelope vier jaar was IMSSA betrokke by amper 500 gevalle van arbitrasie. In dieselfde tydperk was daar 'n duidelike afname in stakings oor regtegeskille te bespeur. Daar kan oortuigend geredeneer word dat daar 'n regstreekse verband tussen dié twee verskynsels bestaan.

Waar vakbonde die regverdigheid van 'n individuele afdanking betwis, maak dit baie meer sin om 'n vinnige, finale besluit deur 'n arbiter te kry, as om dit te laat oorvloei in 'n kollektiewe dispuut.

Die meeste arbitrasies gaan dan ook oor individuele ontslagte en ander regtegeskille. Sommige partye begin egter ook die waarde insien van arbitrasie by loon- en ander belangegeskille soos wanneer stakings onwenslik is, bv in noodsaaklike dienste.

Ons kan waardevolle lesse uit IMSSA se ondervindings leer. Selfs op die moeilike gebied van arbeidsverhoudinge en in 'n verdeelde land soos Suid-Afrika, kan 'n liggaam daargestel word wat geloofwaardigheid geniet onder partye met wyd uiteenlopende belange.

# Vrede vir 'n gefolterde Uganda?

**Verlede week het in Vrye Weekblad 'n diepteverslag verskyn oor Idi Amin, wat tydens sy bewind in die jare sewentig 'n skrikbewind in Uganda gevoer het. Milton Obote het in sy tweede ampstermyn ná Amin nie veel beter as Amin gevaar nie. In 1986 het Yoweri Museveni oorgeneem, en hoewel geweld voortduur, lyk dit of hierdie gefolterde land nou stadig besig is om tot rus te kom. VERONICA FORWOOD doen verslag.**



President Museveni – probeer 'n beter Uganda bou

KAMPALA - Inwoners van die hoofstad Kampala lewe na baie jare van brutale geweldpleging weer sonder vrees, hoewel burgerlikes in die noorde en ooste van die land nog vasgevang is in die stryd tussen die weermag en rebelle wat die regering van president Yoweri Museveni wil omverwerp.

Museveni het onlangs aangekondig dat 'n verkiesing in Februarie in die land gehou gaan word.

In Kampala, waar inwoners hulle voorheen voor donker huis toe gehaas het, gaan hulle nou laatnag sonder vrees vir aanvalle van nagklubs af huis toe.

Die redakteur van die weeklikse koerant Topic, Wafula Oguttu, vertel hoe hy een oggend drie-uur gesien het hoe twee soldate 'n stukkende motor met twee dronk vrouens help stoot.

"'n Paar jaar gelede sou hierdie vrouens nie uitgegaan het nie. Die soldate sou hulle beroof of verkrag het, eerder as om die motor te help stoot. Ek sou ook nie daar gewees het om dit te sien nie."

Ugandese wat jare lank in vrees vir moord en rooftogte deur soldate en gewapende boewe gelewe het, begin nou weer saans uitgaan.

Die gevoel van persoonlike veiligheid is miskien die belangrikste verandering in Kampala sedert president Museveni se bewindsoorname drie jaar gelede.

Museveni lê groot klem op dissipline in die National Resistance Army (NRA), die voormalige guerrilla-leër wat hom in Januarie 1986 gehelp het om aan bewind te kom. NRA-soldate wat burgerlikes vermoor het, is summier tereggestel.



Idi Amin – onder hom het geweld hoogty gevier

Die rit tussen Entebbe en Kampala, voorheen 'n nagmerrie waarin motoriste aan dronk soldate by padblokkades blootgestel is, is nou heel rustig en roetine-ondersoeke word hoflik uitgevoer. Gewapende rooftogte vind egter nog steeds plaas en in sommige dele van die stad word geweervuur snags gehoor.

Milton Obote se tweede regeringstydperk van 1979 tot 1985 is gekenmerk deur 'n algehele gebrek aan dissipline in die weermag, wat voor die voet mense beroof en vermoor het.

In die Idi Amin-tydperk van 1971-79 was daar nog 'n mate 'n naglewe, aangesien die mense wat vermoor is meestal uitgesoekte slagoffers van een of ander stam of die intellektuele elite was.

Alhoewel die toestand in Kampala onder Museveni veel beter is, duur 'n rebellestryd in die noorde en ooste van die land voort en word wandade steeds teen burgerlikes in dié gebiede gepleeg.

Die regering het verlede jaar sukses teen die rebelle in die noordelike Gulu-distrik en die oostelike Teso-distrik behaal, maar kry nog baie teenstand.

Die NRA het na bewering teen die einde van verlede jaar, in 'n poging om die rebelle uit te roei, groot getalle burgerlikes met geweld uit die Gulu-distrik verwyder. Berigte oor burgerlikes wat nie wou trek nie en in hul huise toegesluit en verbrand is, het in die New Vision-koerant verskyn. Volgens berigte is soveel as 200 burgerlikes in soortgelyke insidente vermoor.

Na berig word is burgerlikes ook in die Teso-distrik vermoor toe die NRA probeer het om oorblywende faksies van die Uganda People's Army (UPA) uit te roei.

Internasionale menseregte-waarnemers berig ook dat sowat 3000 burgerlikes wat daarvan verdink word dat hulle rebelle-ondersteuners is, sonder verhoor aangehou word en dat sommige van hulle deur die weermag mishandel is.

Die regering het 'n kommissie aangestel wat die misbruike in die Gulu-gebied moet ondersoek - iets wat as 'n bemoedigende teken van oopheid aan die kant van die Museveni-regering beskou word.

Intussen het 'n menseregte-kommissie wat deur Museveni ná sy bewindsoorname in 1986 aangestel is, grusame getuienis aangehoor van wandade wat onder vorige regerings gepleeg is.

Die ondersoek is beperk tot die tydperk tussen onafhanklikheid in 1962 tot die begin van 1986. Die kommissie het tot dusver die getuienis van 350 mense aangehoor oor moorde, onwettige aanhouding, marteling en die vernietiging van eiendom. Die kommissie, wat hoofsaaklik in Kampala sit, beweeg ook in die land rond om getuienis aan te hoor, onder meer in die Luwero-driehoek waar Obote se soldate in die vroeë tagtigerjare massamoorde gepleeg het.

Die tydperk van Idi Amin se diktatorskap van 1971 tot 1979 is die moeilikste om te ondersoek, omdat min getuies na vore kom. Getuienis is aangehoor dat Amin die Anglikaanse aartsbiskop, Janan Luwum, en twee ministers laat teregstel het.

Intussen het pres Museveni aangekondig dat 'n landswye verkiesing vir die National Resistance Council (NRC), Uganda se parlement, volgende maand sal plaasvind. Die verkiesing sal tussen 11 en 25 Februarie gehou word. - AFP

# SA steun Renamo steeds, sê vlugtelinge

MAPUTO - Maande ná president PW Botha se belofte aan president Joachim Chissano van Mosambiek dat Suid-Afrika sy steun aan die rebellegroep Renamo sal beëindig, bly die Oos-Transvaal nog steeds 'n afspringplek vir Renamo.

Dit is die enigste gevolgtrekking wat gemaak kan word uit die getuienis van Mosambiekers wat gerepatrieer is uit SA waarheen hulle in Desember ná 'n Renamo-aanval naby die grens gevlug het.

Een van hierdie hawelose Mosambiekers, Eduardo Tivane, het selfs 'n paar dae in 'n Renamo-basis naby die Kruger-Wildtuin deurgebring.

Op 4 Desember verlede jaar het 'n groep Renamo-guerrillas dorpies rondom Mapulanguene, tien kilometer van die SA-grens in die noordweste van die Maputo-provinsie aangeval.

## Kom werk

Onlangs het Mosambiek se nuusagentskap Aim onderhoude gevoer met vier van die 225 mense wat dié dag uit Mapulanguene gevlug het. Hulle huise is deur Renamo aan die brand gesteek.

Die 50-jarige Gustavo Malhope, 'n boer, het gesê die mense het na 'n Suid-Afrikaanse grenspos gevlug. 'n Paar swart Suid-Afrikaners het die hek vir hulle oopgemaak.

Die volgende dag het 'n groep "Matsangas" (Renamo se bynaam in Mosambiek) by die grens aangekom. "Ons wil hê al daardie mense moet by ons basisse kom werk," het hulle aan die Suid-Afrikaners gesê.

Die vlugtelinge het geweier om te gaan. Hulle was bang dat hulle aan Renamo uitgelewer sou word en het in die bosse aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens ingehardloop. Later het die Suid-Afrikaners hulle met twee voertuie opgespoor.

Malhope sê hulle het die gesprek tussen die Suid-Afrikaners en die Renamo-rebelle by die grenspos afgeluister. Aan die rebelle is gesê om die volgende dag terug te kom, wanneer die vlugtelinge aan hulle oorhandig sou word.

"Toe die Boere ons opgetel het, het ons vir hulle gesê ons wil nie deur die Matsangas geregeer word nie. Ons het gesê hulle moet met Ressano Garcia in verbinding tree en vervoer kry om ons soontoe te neem."

Ressano Garcia is die hoof-grenspos aan die kant van Mosambiek. Dis omtrent 85 kilometer noordwes van Maputo op die Maputo-SA spoorlyn, en 100 kilometer suid van Mapulanguene.

"Later het sewe vragmotors ons opgelaai en Skukuza (in die Kruger-Wildtuin) toe geneem. Daar is drie mans en 'n vrou van ons weggeneem."

Die vier wat weggeneem is, is Eduardo Tivane, Aurelio Lhanguene, Armando Chivambo en Nelsa Mucavele. Tivane, 'n munisipale klerk in Mapulanguene, sê hy en Chivambo is twee dae lank in Skukuza aangehou.

Daarna is hulle agterop 'n oop vragmotor gesit en aan hulle is gesê dat hulle dorp toe gaan om klere te koop. Tydens die rit is hulle deur drie Suid-Afrikaners geblinddoek.

Toe die voertuig stilhou, is hulle na 'n "groot huis" geneem, waar die blinddoeke afgehaal is.

Die twee is van mekaar geskei, en Tivane is ondervra deur 'n blanke met 'n pistool, wat vlot Portugees kon praat.

Hy het Tivane oor die verdedigingstelsel in Mapulanguene en die paaie in die gebied ondervra.

"Jy het gestudeer, maar in Mosambiek ly jy. Ons sal hier vir jou werk reël. Jy sal saam met Renamo werk," is aan hom gesê. Hy het gewapende swart mans buitekant aan Tivane gewys.

## Geslaan

"Die ondervraer het gesê hulle is Mosambiekers.

"Ek het gesê ek wil nie met Renamo saamwerk nie, ek wil net huis toe gaan. Nog 'n witman wat Portugees gepraat het, het die kamer binnegekom, en die twee het my geslaan en geskop." Hy is daarna opgesluit.

"Die volgende dag het hulle teruggekom. Hulle het vir my banknote gewys, meticais en rande. Hulle het gesê die geld was vir my as ek met Renamo saamwerk. Ek het gesê ek sal eerder doodgaan as om vir Renamo te werk."

Tivane is vyf dae lank gevange gehou. "Op die sesde dag het hulle my weer geblinddoek en my Ressano Garcia toe geneem, waar ek die ander gekry het wat van Mapulanguene af gevlug het."

Tivane stel dit kategories: "Suid-Afrika ondersteun nog steeds die bandiete. Hierdie sentrum naby Skukuza is groot. Daar is 'n klomp swart Mosambiekers en Suid-Afrikaners."

Tivane is blykbaar gered omdat die ander Mosambiekers geëis het dat die mense wat by Skukuza van hulle geskei is, teruggebring moes word. Toe hulle in Nelspruit aankom, het hulle met swart Suid-Afrikaners in 'n regeringskantoor gepraat, sê Malhope.

"Daar was 'n wit beampte. Hy het beveel dat ons in hegtenis geneem moet word, maar die swart beamptes het aan hom gesê ons is vlugtelinge. Toe het die witman met ons gepraat en ons het gekla dat vier mense by Skukuza van ons af weggeneem is."

Hulle het ook by Ressano Garcia daaroor gekla, en uiteindelik het die Suid-Afrikaners die vier van Skukuza af daarheen gebring.

Aurelio Lhanguene, wat saam met Nelsa Mucavele by Skukuza aangehou is, het gesê hy het met een van die swart Suid-Afrikaners by die grenspos naby Mapulanguene gepraat.

Die Suid-Afrikaner het gesê hy het Mosambiek se grondgebied binnegegaan nadat Mosambiek se lugmag in November 'n Renamo-basis by Ngungue, suid van Mapulanguene, gebombardeer het. Hy het uitgevind dat geen rebelle in die aanval dood is nie.

Tivane het Lhanguene in die rede geval en gesê dis nie eintlik 'n verrassing nie, aangesien almal in Mapulanguene weet dat die rebelle oor die grens na 'n basis in Suid-Afrika vlug as hulle aangeval word.

## Beweeg vryelik

Die Suid-Afrikaner het volgens Lhanguene oor handel tussen die rebelle en die Suid-Afrikaanse amptenare gepraat. Hy het gesê goedere kan "baie goedkoop" van Renamo gekoop word.

"Dis radio's en goed wat die bandiete by die mense in die dorpies steel en dan na hul basisse toe vat. Dan wag hulle vir die Suid-Afrikaners om vir hulle kos in ruil daarvoor te bring," het Tivane gesê.

Volgens hom was daar sedert April verlede jaar ten minste een Renamo-aanval per maand in die Mapulanguene-gebied. In dié gebied beweeg die rebelle vryelik tussen Suid-Afrika en Mosambiek.

Malhope het gesê Mapulanguene en die omringende dorpies is nou verlate.

Hy en die ander hawelose mense wag nou op vervoer na 'n plek waar hulle hul lewens opnuut kan begin en vir hulle en hul gesinne voedsel kan produseer. - ANO

# Toe kolonel Kellerman my aan die arm gryp en dreig . . .



**Jan van Eck, LP vir Claremont, monitor onrus reeds 'n aantal jaar lank in Wes-Kapland. Hy het onlangs 'n boek daaroor geskryf, Eyewitness to "Unrest". Hier volg 'n geredigeerde weergawe van een van die hoofstukke, waarin dit duidelik word hoe moeilik dit is om 'n klag teen die polisie te lê. Die gebeure het op 14 Desember 1987 in Kaapstad afgespeel.**

DIE manier waarop Suid-Afrika stadig in 'n onderdrukkende polisiestaat verander het, is goed tuisgebring by my met die vrylating van ANC-leier Govan Mbeki.

Sy vrylating het gelei tot planne vir feesvieringe en verwelkomingsbyeenkomste die hele land deur.

Ondanks vertoë tot die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, en 'n gewilligheid aan die kant van die organiseerders om taamlik strenge beperkings by hierdie byeenkomste te aanvaar, het die minister almal verbied.

Die organiseerders het planne aangekondig vir 'n protesvergadering teen die verbod op die Mbeki-byeenkomste. 'n Paar uur voor dié vergadering in die Goeie Hoop-sentrum sou begin, het die polisie dit ook verbied.

My vrou en ek was onder die paar honderd mense wat onbewus van die tweede verbod by die saal aangekom het. Kort na ons aankoms het 'n groot aantal polisievoertuie ook verskyn.

Ons het aan die bevelvoerende offisier verduidelik dat die mense buite die saal nie geweet het die byeenkoms is verbied nie, en dat hulle wag vir vervoer terug huis toe. Hy het ons verseker dat hy net wil seker maak dat almal die saal gaan verlaat.

## Waarsku

'n Majoor Grundlingh het toe in 'n taamlik opgewonde toestand daar aangekom en het aan ons gesê dat hy onder geen omstandighede mense gaan toelaat om buite die saal te vergader nie.

Ek het weer gesê dat die oorblywende honderd mense vir vervoer wag, maar dit het duidelik geword dat hy geweld gaan gebruik om hulle uiteen te jaag.

Ek het die onderskeie groepe begin waarsku teen die beoogde polisie-optrede en hulle aangeraai om die plek te verlaat. Nadat hulle dit gedoen het, het ek na majoor Grundlingh gestap en hom meegedeel dat ons ons onderneming nagekom het om die mense vrywillig uitmekaar te laat gaan.

Die laaste groep swart mense was sowat vyftig meter van ons af besig om in 'n bus te klim. Party van hulle het 'n toyi-toyi gedoen, en die organiseerders het 'n bietjie moeite ondervind om hulle in die bus te kry.

Uiteindelik was almal behalwe 'n handjievol in die bus en net lede van die pers en die diplomatieke korps, en die organiseerders, het oorgebly in die gebied.

Skielik het ek 'n groep swaar gewapende polisiemanne gesien naderkom. Hulle bedoelings was duidelik - hulle het helms en gasmaskers opgehad en almal het sambokke gereed gehou.

## Aggressief

Die polisieman in bevel, 'n kolonel Kellerman, het 'n klein skaretjie nuuskierige toeskouers aan die oorkant van die pad ingelig dat hulle twee minute het om uiteen te gaan. Om die situasie te ontlont het ek na hom gestap, myself geïdentifiseer en beklemtoon dat ons daarin geslaag het om almal weg te kry sonder enige polisie-geweld.

Hy het aggressief geraak, my aan die arm gegryp en my vertel dat ek onwettig in die gebied is en dat ek onmiddellik daar moet weg. Ek het myself losgewurstel en aan hom gesê dat hy geen rede het om my te beveel om die gebied te verlaat nie omdat ek een van die mense was wat majoor Grundlingh gehelp het om die mense uiteen te laat gaan.

Terwyl hy maak asof hy my nie hoor nie, het hy my weer aan die arm gegryp en my begin rondstoot, met die dreigement dat hy my sou toesluit as ek die gebied nie verlaat nie.

Ek het besef dat ek niks meer kon bereik behalwe my inhegtenisneming nie, my weer losgeruk uit sy greep en gesê dat ek nie sy hulp nodig het om by my motor uit te kom nie.

Hy het twee onlustepolisiemanne - ongetwyfeld die grootste - aangesê om my te vergesel.

My motor was om die draai geparkeer, buite sig, en ek het ernstige bedenkinge of ek my motor ongedeerd sou bereik het as my vrou nie daar opgedaag het nie.

Ons het in die motor bly wag en toe dit duidelik word dat die polisie besig is om die plek te verlaat, het ek besluit om 'n klag teen kolonel Kellerman te lê oor die manier waarop hy my by die saal behandel het.

'n Polisiemotor het ons Caledonplein-hoofkwartier toe agtervolg, en stel jou hul verbasing voor toe ek daar stop en die gebou binnestap!

Ek het die jong konstabel op diens ingelig dat ek 'n lid van die Parlement was en dat ek 'n klag wou lê teen 'n kolonel. Haastig is 'n paar senior polisiemanne geraadpleeg, en daar is gesê dat 'n kolonel op pad is.

Ons het gewag, en toe besluit dat my vrou die Cape Times oor die jongste verwikkelinge moes gaan inlig.

Na ietwat van 'n gewag, het die einste kolonel teen wie ek 'n klag wou lê die aanklagkantoor binnegestorm. Hy wou weet wat ek daar doen.

## Absurd

Toe ek hom kalm vertel dat ek 'n klag wou lê teen hom, het hy bars gesê dat dit nonsens is, dat ek geen grond vir 'n klag het nie en dat ek die aanklagkantoor onmiddellik moes verlaat omdat ek 'n openbare steurnis veroorsaak.

Daar was net een lid van die publiek half aan die slaap in die kantoor.

Ek het aan die kolonel gesê dat sy houding absurd was en dat ek die volle reg het om 'n klag teen enigeen by die polisie te lê en dat hy van alle mense nie die reg het om my te verhinder nie.

Dit het hom net meer ontstel. Hy het een van die konstabels beveel om my ingevolge die noodregulasies in hegtenis te neem as ek nie die aanklagkantoor binne twee minute verlaat het nie. Hy het by die aanklagkantoor uitgestorm.

Die twee ongemaklike konstabels sou geen ander keuse hê as om my in hegtenis te neem nie, kon ek duidelik sien. Daarvoor was ek nie lus nie. Met my vrou nie daar nie, sou ek geen getuie van my inhegtenisneming hê nie.

Ek dus aan die konstabels gesê dit nie nodig nie aangesien ek besig was om te gaan.

Buite in die vars aandlug, het die enormiteit van die kolonel se optrede my eers getref. As 'n lid van die Suid-Afrikaanse Parlement by Kaapstad se hoof-polisiestasie uitgejaag kan word, watter kans sou 'n jong swart township-aktivis hê om enige polisiebrutaliteit aan te meld by 'n afgesonderde township-polisiestasie?

In die drie jaar wat ek betrokke was by die monitor van onrus, het jong swartes my dikwels vertel hoe hulle uit aanklagkantore gejaag is wanneer hulle klagtes teen polisiemanne wou lê.

In 'n poging om hierdie voorval in die openbaar onthul te kry, het ek 'n vraag aan die Parlement voorgelê.

Op 16 Februarie 1988 het die minister van Wet en Orde in sy antwoord elke basiese feit van die gebeure gerepudieer. Adriaan Vlok het onder meer ontken dat ek 'n klag wou lê of dat ek verhinder is om dit te doen, en ook ontken dat ek beveel is om die aanklagkantoor te verlaat.

Hy het my daarvan beskuldig dat ek 'n "openbare steurnis" veroorsaak het weens my onbeheersde gedrag en dat ek lede van die die publiek verontrief het wat die aanklagkantoor besoek het (die slapende lid in die hoek?)

Hy het verder aangevoer dat ek gevra is om die aanklagkantoor te verlaat tensy ek myself beheer en tensy ek 'n verklaring maak (!), en dat ek uit eie vrye wil die aanklagkantoor verlaat het.

Ek het weer 'n vraag voorgelê maar die minister het geantwoord dat my aantygings "ongegrond" blyk te wees. Met ander woorde: "Jy het gelieg, Van Eck."

## Geweier

Op 20 Mei 1988 ek die kwessie weer in die Parlement opgehaal. Ek het Vlok meegedeel dat diegene wat inligting aan hom verskaf het besig was om vir hom te lieg, en dat hy self besig was om vir die Parlement te lieg.

Ek het geweier om dit terug te trek en moes die Parlement vir die res van die dag verlaat.

Die feit dat hulle wat die veiligheidsmasjien - en die land? - bestuur geen gewetenswroeging het om te lieg vir die hoogste wetgewende liggaam in Suid-Afrika nie, toon die minagting waarmee hulle wet en orde, geregtigheid en grondwetlike regering bejeën.

Dit illustreer hoe ver op die pad na anargie Suid-Afrika onder PW Botha al gevorder het ....

# Boek oor oorlog 'n blitsverkoper

Peta Thornycroft

HARARE - 'n Boek deur 'n voormalige Rhodesiese soldaat wat die bosoorlog skerp veroordeel, is besig om 'n blitsverkoper in Zimbabwe te word.

Brian Moore-King, wat onder meer in die Grey Scouts gedien het, is vandag kwaad vir sy ouers se geslag en vir die man wat hy eens op 'n tyd aanbid het - Ian Smith.

Hy het hierdie woede verwoord in 'n uitsonderlike boekie, White Man, Black War.

By die bekendstelling van die boek het twee soldate wat agt jaar gelede vyande was, langs mekaar gestaan.

Emerson Munangagwa, nou minister van Justisie van Zimbabwe, het Rhodesië in die vroeë sewentigerjare verlaat om by die guerrillas aan te sluit. Hy het die boek van sy voormalige teenstander, wat as 'n tiener by die Rhodesiese weermag aangesluit het, lof toegeswaai.

Moore-King beskryf twee grusame voorvalle in die boek: 'n massamoord deur die Grey Scouts waarin 123 mense dood is, en 'n voorval waarin 'n verdagte terroris stelselmatig doodgemartel word terwyl 'n soldaat se vrou in 'n huis langsaan na John Denver-plate sit en luister.

Hy vertel van die na-oorlogse teorie dat die Rhodesiërs nie die oorlog op militêre gebied verloor het nie, maar dat "sanksies en Suid-Afrikaanse druk" 'n oorwinning verhoed het.

"Maar ek onthou die gebiede wat deur die vyand oorgeneem is met hulle geroeste gewere. Niemand het voorgegee dat ons nog dié gebiede beheer nie.

"Dit lyk vir my asof my volksgenote wat die grootste moed geopenbaar het dié paar is wat gesê het ons is verkeerd. Want dis baie makliker om saam met die trop te gaan, om 'n geweer op te tel en iemand te skiet, as wat dit is om die eensaamheid, die verstotenheid, die spot van jou eie mense te verduur."

Moore-King kritiseer sy ouers se geslag: "Hulle was nie bereid om te deel nie. Dit was uit gierigheid dat hulle ons, die gehawende geslag, in die oorlog ingestuur het. Ons het nie teen kommunisme of vir demokrasie, die Westerse beskawing of Christelike beginsels geveg nie.

"My ouers het nie geweet wat beteken kommunisme of wat die verskil is tussen Marx, Engels en Mao Tse-Tung nie ... dit was maar net woorde vir hulle. En ons het gemoor vir demokrasie, maar ons het geen demokrasie, volgens enige definisie, in ons eie samelewing gehad nie."

Tydens die oorlog het Moore-King in sewe verskillende afdelings van die Rhodesiese weermag gedien.


In 1978 het Moore-King die land verlaat en hom in Suid-Afrika gevestig. Hy moes ná sy ouers se dood teruggaan Zimbabwe toe om hul boedel te behartig. "Ek was uiters senuweeagtig. Die Zimbabwiese immigrasiebeampte het na my paspoort gekyk. Ek het 'n lang storie voorberei om my lang afwesigheid uit die land te verduidelik. Maar die woorde het net uit my kop uit verdwyn.

"Ek het gehuiwer, en die man het net na my gekyk, geglimlag en gesê ek was seker uit die land uit om verder te gaan studeer. Dit was al. Toe het ek begin rondkyk."

Hy het hom daarna in Zimbabwe gevestig.

Sy kritiek op sommige blankes wat in Zimbabwe bly en net so goed, of beter as in die dae van Rhodesië lewe, word veral op Ian Smith gefokus.

Hy het Smith 'n verraaier genoem en gesê as Smith net erken Zimbabwe is in orde en dat dit nie die moeite werd was om teen die onvermydelike te veg nie, kon 'n mens dit nog aanvaar as hy die ekonomie of korrupsie of wat ook al kritiseer, maar hy weier om dit te erken.



Brian Moore-King

Smith het aan 'n koerant gesê: "Hy (Moore-King) is die enigste waarvan ek al gehoor het wat nie dankbaar is dat hy die geleentheid gehad het om vir vryheid te veg nie. Hy klink na 'n snaakse persoon. Duisende het gesê dit was 'n voorreg om op te staan teen tirannie."

# Vrye Weekblad

## Die Titanic

Die PW Botha-era gaan, helaas vir ons siek Staatspresident, nie onthou word aan die "hervorming" wat plaasgevind het nie, maar vir die korrupsie wat soos 'n veldbrand deur sy administrasie woed.

Byna elke dag nou kan Suid-Afrikaanse burgers lees van 'n hoë amptenaar wat bedrieg het of omgekoop is; van senior leiers wat hul posisies vir geldelike gewin misbruik; van goeie vriende van mense in die hoogste posisies wat miljoene verduister het; van reusagtige verneukery met buitelandse valuta; van ministers of LP's wat skielik moet bedank.

Daar kan met groot veiligheid aanvaar word dat wat ons tot dusver gesien het, letterlik net die spits van 'n enorme ysberg is. Ons hele stelsel in Suid-Afrika is ingestel op geheimhouding en beskerming van diegene in magsposisies.

Ons het goeie rede om te vermoed dat nog talle mense in hoë ampte, party van hulle wyd-gerespekteerde leiers, in die volgende weke en maande ontmasker gaan word as selfsugtige en korrupte gierigaards.

Vir dekades lank het die Afrikaner die wêreld in die oë gekyk en gesê: Ons is miskien rassiste, maar ons is ten minste eerlik.

Nou moet die Afrikaner agterkom hy is 'n rassis én 'n skelm.

Hoekom? Hoe het dit gebeur?

Ons glo daar is 'n paar meewerkende faktore.

Vireers het die Afrikaner en sy Nasionale Party te lank regeer. Die gesegde "power corrupts, and absolute power corrupts absolutely" is hier baie gepas.

Maar ewe belangrik is dat die huidige bestel moreel bankrot geword het.

Hoe lank kan 'n volk voortgaan met 'n valse, onchristelike regeringstelsel en oorheersing van alle ander mede-burgers en terselfdertyd sy selfrespek behou?

Hoe lank kan 'n volk voorgee dat dit hom nie skeel dat die hele wêreld hom as 'n muishond sien nie, en dat sy landgenote se bitterheid hom nie raak nie?

Maar pleks van hom tot 'n oop, regverdige demokrasie wend soos sy Calvinistiese geloof eintlik van hom vereis, het die Afrikaner begin speletjies speel en mooi-klinkende woordjies begin uitdink om 'n meer aanvaarbare gesig op apartheid te sit.

Terselfdertyd het sy bevoorregte posisie hom in 'n vulgêre materialisme laat verval waar statussimbole, geld- en magsug die oorhand begin kry het.

Inderdaad laat die huidige regerende kliek 'n mens dink aan die laaste fuifparty op die Titanic.

Dit is tyd om die deure en vensters oop te gooi en die son te laat skyn op dié donker, muwwe hoeke en gate van veertig jaar se NP-bewind en magsmisbruik.

## So sê hulle . . .

"Mnr de Pontes was 'n gewaardeerde en pligsgetroue lid van die parlement met mooi potensiaal." - minister Chris Heunis.

"Die wonderlikste ding omtrent 'n toe deur is die verrassings wat daaragter lê." - Rozanne Botha.

"Pity I didn't get her recipe for peach chicken. It would have made a nice change from boerewors." - Jani Allan in 'n artikel oor Cathy Dolton.

"Ek het oorleef alhoewel ek 'n nuwe Afrikaner is wat demokrasie en vryheid wil hê." - sangeres Amand(l)a Strydom.

"I also learn that there are Afrikaners who are deeply insulted by the term Alternative Afrikaner. Who consider it as patronising and offensive as that other favourite media expression, The Thinking Afrikaner, and typical of the superior attitude of English-speaking South Africans." - Hilary Prendini Toffoli in Style.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

### Burger se skelwoorde

**Prof HJ Schutte, departement wiskunde aan die US, skryf:**

Na aanleiding van Oud-Matie se brief in u blad van 13/1/89, stuur ek u afskrifte van twee briewe wat ek onlangs aan Die Burger geskryf het, maar wat hulle geweier het om te publiseer. Miskien sal dit insiggewend wees as u die twee briewe saam met Die Burger se antwoord daarop in u blad publiseer.

Geagte Meneer :

As 'n politieke party geen positiewe beeld meer durf uitspel nie, is daar eintlik geen alternatief vir hom as om op sy opponente te skel nie. Die Burger, by monde van Dawie, blyk 'n meester te wees van die skelwoord, die neerhalende toespeling en verdagmaking in sy rol as propagandablad van die Nasionale Party.

Kom ons kyk na Dawie se artikel "Ware linkse motiewe agter poging om die Progge te red" in Die Burger van 11 Januarie 1989. "Progge" word as skelwoord aangedien en die wat van mening met die Nasionale Party verskil (in soverre die party nog 'n mening het) word "vermomde Progge", "pseudo-Progge", "skaam Progge" en "ware Progge" genoem, waarskynlik omdat die woord Prog 'n bepaalde ongunstige emotiewe inhoud vir die skrywer het.

Dat al die sogenaamde hervormings wat die Nasionale Party aangebring het sake is wat deur die jare deur die Progressiewe Party bepleit is, dring blykbaar nie tot die skrywer deur nie.

Die artikel wemel van neerhalende toespelings soos "papiertier", "vrees", "opportunisme", "verloornaam", "linkse gedoentes", "aapstuipe" en so meer.

'n Poging word aangewend om dr Wimpie de Klerk verdag te maak deur sy toetrede tot die opposisie "een van die vreemdste verskynsels van die hele affêre" te noem. Dan word die "ware linkse motiewe" uiteindelik aangebied: dat veel meer geld deur een enkele party ingesamel kan word as deur drie afsonderlike partye.

Die Burger, as enigste Afrikaanse koerant in die Kaap, word deur baie Afrikaners gelees wat 'n intelligenter benadering in Die Burger tot landsprobleme sal waardeer.

Ons aanvaar dat Die Burger 'n rol as propagandablad vir die Nasionale Party het, maar dit moet tog moontlik wees om daarnaas geleentheid vir 'n ope gespreksforum te bied wat op 'n minder emotiewe en meer deurdagte peil aangebied word.

As dit nie kan nie, waarheen moet die denkende Afrikaanssprekende hom dan wend om gehoor te word?

Die Burger se antwoord: H.J.S. op S.: U maak u self skuldig aan dit waarvan u Die Burger beskuldig.

(Weens ruimteprobleme plaas Vrye Weekblad net een van prof Schutte se briewe aan Die Burger.)

### Matie julle een voor

**Riaan Smit van Brixton skryf:**

Ek wil nie in 'n myne-is-langer/dikker/mooier-as-joune debat betrokke raak nie. Ek is ook nie afgunstig op julle nie. Maar ek raak effens vies as mense so oor die Vrye Weekblad rave asof dit die eerste poging sedert Nasionale Pers is om niks weg te steek nie.

Die Matie, studentekoerant van die Universiteit van Stellenbosch, doen, wat julle klaarblyklik nou probeer doen, al ten minste van 1981 af (en sporadies voor dit). Die Matie hou hom al vir jare lank besig met "padlangs praat", soos die stigtersredakteur dit destyds gestel het.

Boonop het 'n hele paar joernaliste, waarvan 'n klompie nou vir die VW werk, hulle craft by Die Matie begin leer. Die VW se redakteur, Max du Preez, was 'n redaksielid. Een van julle direksielede, Chris Otto, en 'n VW-verslaggewer, Anton Steenkamp was albei redakteur. Die huidige Matie-redakteur, Cornis van der Lugt, het die afgelope twee maande vir julle gewerk.

M-Net se bestuurder, Koos Bekker, is 'n oud-redakteur asook die assistent-redakteur van De Kat, Louis Heyneman. Financial Mail se politieke redakteur, Eddie Botha, en Coenie Slabbert van Rapport was op die redaksie. Pierre de Vos van Die Suid-Afrikaan was assistent-redakteur.

Selfs Helet Herholdt wat in Style gequote word oor die gebrek aan "alternatiewe Afrikaners" (boggom, boggom, hier's vir jou 'n piesang) in haar tyd op Stellenbosch (in myne ook) en net elf van hulle kon tel, was op Die Matie se redaksie. Sy was sosiale redakteur.

Anyway, sterkte.

### Ondersoek kulturele armoede

**Nico Pohl van Lynnwoodrif skryf:**

Terwyl selfs die bose bestel van die Sowjet-Unie deesdae selfontledend is en sy aaklige verlede probeer verwerk, is dit nou hoog tyd dat alle gruwels en skandes van ons land se ver-regse hegemonie van die afgelope 40 jaar uit die wakis gelaat word. Mag Vrye Weekblad 'n vrugbare rol hierin speel. Ons is oorvertroud met die berugte vergrype in die naam van die apartheidsafgod wat ons in die huidige staat van beleg laat beland het, maar daar is nog nie 'n landwye vryheidsbewussyn in Afrikanergemoedere nie.

Na my wete is daar ook nog geen dieptestudie daaroor gepubliseer - of toegelaat - nie, wat glashelder die hele prentjie skilder van die enorme kulturele verarming (in die wydste sin) wat noodwendig uit die apartheidsbestel moes spruit en tans heerlik en onbeheers voortkanker in die harte van alle Suid-Afrikaners.

So 'n studie sal hopelik al die soms moeilik omskryfbare verskynsels en strominge in ag neem wat hierdie land oor vier dekades heen so ingrypend besmet het.

Want in hierdie jare van morele afstomping, toe Suid-Afrika 'n sosiologiese laboratorium was waar ideoloë met menselewens geëksperimenteer het, is ons nasionaal en internasionaal doelbewus geïsoleer van interkulturele en interpersoonlike kontak en het ons geesteslewe verskraal tot die kultuurideologieë van volksopruiers en burokrate.

Benewens "siek gemeenskap"-verskynsels soos gesinsmoorde, sal die studie ook alledaagse fenomene belig, soos die inkriminasie van swart en wit wat wil saamleef, of destyds sosiaal wou omgaan of bloot in motors wou saamry; die verspotmaklike inwyding en aanneming in die apartheidsministerieë van geestelikes, wetenskaplikes, ekonome, regsgeleerdes, skrywers, akademici, uitgewers, joernaliste ens.

Ander verskynsels is die pryse van boeke, musiekopnames, kunsreproduksies ens wat te duur vir die gewone burger is; skoolkadette, verpligte godsdiensonderrig, aparte skole en 'n hele geslag Afrikanerstudente wat sonder protes gemarsjeer het grens en lokasies toe.

Hierdie Afrikanerstudente stel, soos die vetmaak- en slagmensies van HG Wells se Time Machine hoofsaaklik net in die gekielie van die plesierklier belang (en laat niemand beweer dat Afrikanerstudente se plesierkliere tussen hul groottone sit nie).

Ook ons houthakkers en waterdraers op O Boereplaas, geboortegrond - en die benarde toestand van die landbou; ontwikkelinge op plekke soos Bosbokrand in die Laeveld; ons regering se dik vriendskappe met militaristiese diktature soos Chili, Paraguay, Taiwan.

En ook die fascistiese nagmerries wat ons tans herleef omdat ons nie uit die geskiedenis wou leer nie; die skare van sensors en 'n duisternis sensuurwette; die nasionale neiging tot polarisasie: jy is of 'n PW-groupie, of 'n Andries-groupie, of 'n Mandela-groupie... sterkte vir die navorser wat hierdie onuitputlike nag van Legio aandurf!




# 'n Boodskappie vir die dominee

Bittergal se wit vriendjies in Namibia spog vreeslik met hoe wonderlik die rasseverhoudinge deesdae daar is. Maar lyk my in die noorde van die land, waar die meeste witmense staatsamptenare en lede van die veiligheidsmagte is, bly 'n kaffer nog 'n kaffer.

Bittergal was geroer toe hy dié week 'n brief van ene RF Munango van Rundu in die Times of Namibia lees. Dit is in Afrikaans geskryf:

"Ek wil net iets skryf in verband met sendingwerk en kerke en veral oor die witmense van SWA.

"Hulle vergader altyd om hul dominees aan te spreek om nie so en so te preek nie omdat hy kwansuis die gemeente uitmekaar sal jaag.

"Die rede hiervoor is omdat hulle nie wil hê die dominee moet daardie "nonsens" staak om met die swartmense te mors nie.

Hule moet voortgaan om 'n persoon kos te gee in 'n bord waar sy kat en hond eet en deur 'n swartmens onmenslik te behandel.

"My liewe dominee, preek soos die gees van die Here jou lei. Moenie die mense soebat nie. Moenie bekommerd wees oor môre nie. Die Here sal jou seën.

"In verband met sendingwerk wil ek net sê dat daar nie net by die swartes omgegaan moet word om die Woord uit te dra nie.

"Die witmense doen ook sonde en hulle het ook die Evangelie nodig. Laat hulle tog ophou om met die swartes te mors.

"Die swartman is ook 'n kind van die Here.

"Die Here het almal nodig en die persoon wat sendelingwerk doen, moet sy apartheid laat staan.

"Watter waarheid word met apartheid verkondig? Moenie twee Here dien nie.'

"'n Paar van die opleidingskole vir sendelinge is so vervul met die gees van apartheid. Moenie soos Fariseërs wees nie."

* Amen, broer Munango. En mag die dominees en sendelinge suid van die Oranje ook luister.

## Mickey Mouse

In Clinton du Plessis se (uitstekende) nuwe digbundel, Curriculum Vitae, is daar 'n gediggie wat Brolloks graag wil voorlees. Du Plessis noem dit Animal Farm:

Die dekreet is uitgevaardig:
in triplikaat versprei -
in die vrye volksrepubliek
gaan almal voortaan
donkergebril
blanko blaaie
in die koerante lees
doofstom luister na die nuus:
dat die son skyn
dat daar sewe dae in die week is
dat heldedade nog dikwels voorkom in suid-angola & mamelodi:
voortaan verkondig
slegs die minister
die waarheid volgens die vyfde evangelie
van mickey mouse.

## Sol en die kanselier

Dr Jan van der Horst, grootbaas van Old Mutual en kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, het nou sy voet daarin gesit.

As voorsitter van Old Mutual, wat die beherende aandeel in Sun International het, steun hy eers vir Sol toe die storie van die R2-miljoen uitkom.

Kort daarna spreek hy hom teen korrupsie uit. Hoe rym dit?

As kanselier van 'n universiteit moet hy darem sekerlik weet dat logika êrens 'n plek in die heelal het.

Brolloks wil nou die staaltjie vertel van 'n geleentheid waar Van der Horst wel korrek opgetree het.

In die vroeë tagtigerjare het een van Old Mutual se direkteure 'n lesing voor die Afrikaanse Handelsinstituut in Graaff-Reinet gehou. Daar het die man 'n groot klomp rassistiese kwellings kwytgeraak, soos dat swartes nie net vir blankes stink nie maar dat blankes ook vir swartes stink.

Die volgende dag was die storie in koerante dwarsoor die land. Van der Horst se telefoon het blykbaar van ses-uur die oggend gelui. Sy bruin en swart polishouers het gedreig om hul polisse van OM te onttrek.

Die oggend toe die direkteur op DF Malan-lughawe in Bellville land, was Van der Horst daar.

"Het jy dit gesê?" vra hy die arme man.


"Ja maar..", sê die direkteur.

"Dan is jy gefire," sê die grootbaas.

* Nou wonder Brolloks net waarom dié man afgedank is, maar Sol gesteun word.

Is dit miskien omdat Ou Mutual toe geld sou verloor, en nou nie?

**Die strokiestekenaar Gim is nou wel 'n Brit, maar hy het 'n wonderlike aanvoeling vir Suid-Afrika. Soos hierdie strokie wat darem net so op ons regering toegepas kan word.**




## Omkopery is omkopery

Die hele land is skielik téén omkopery gekant ná Sol se R2 miljoen aan George. Maar dis eienaardig hoe sommiges met hul verskonende kritiek die daad eintlik half kondoneer.

Soos die Sunday Times in 'n hoofartikel: "Faced with extortion by a despotic politician threatening rights which SI already legally possessed, Mr Kerzner believed he could avert damage to his shareholders' interests by compliance with the mores prevailing in Umtata. There was no personal enrichment nor was the act illegal in the territory where it took place."

* Dis mos louter twak. Omkopery is omkopery is omkopery. Dit betaam nie enige koerant om dit op homself te neem om versagtende omstandighede te gaan soek nie.

## Het lessenaar, sal voortgaan...

Die Staatspresident het volgens 'n berig vandeesweek die Departement Openbare Werke opdrag gegee om vir hom 'n lessenaar in sy slaapkamer te sit.

* Ag nee, oom PW. Brolloks en Bittergal is nou wel nie van jou intiemste vriende nie, maar ons wens jou tog 'n rustige herstel toe. En ons is nie lelik as ons sê die land kan sonder jou klaarkom nie.

## Dood maar skuldig

Dis nou die oortreffende trap van vermetelheid. Skiet eers 'n man dood en waarsku hom maande daarna dat jy hom gaan inperk.

'n Brief, geadresseer aan Caiphus Nyoka, het verlede week by sy huis aangekom waarin hy die geleentheid gegee word om te sê waarom hy nie ingeperk en gelys moet word nie. Nyoka is 17 maande gelede in sy slaapkamer deur die SAP doodgeskiet.

Die brief van die Direkteur van Veilighheidswetgewing het op 10 Januarie by Nyoka se huis aangekom, sê sy pa, Moses.

Asof dit nie genoeg is nie, het 'n majoor Van den Bergh Nyoka se pa opgebel om "verskoning te maak" vir sy seun te dood - hy het gesê dis nie "sy" polisiemanne wat vir Caiphus doodgeskiet het nie, maar die veiligheidspolisie.

## Marike, o Marike!

Die jongste skinder uit Pretoria is dat Brolloks se verhaaltjie verlede week oor FW de Klerk se vrou se rassistiese uitlatinge só gewild geword het onder FW se vyande in die party dat daar dosyne fotokopieë van die stuk in omloop is.

Nóg skinder is dat daar glo 'n ontevrede LP in die Kaap is wat met die hele transkripsie van Marike se toespraak voor 'n klomp oues van dae in die Vaaldriehoek sit, en glo brand om dit in die Parlement voor te lees.

* Nou toe nou. En Brolloks het die hele ding so onskuldig bedoel!

## Smeerberig?

Brolloks onthou dié week hoe die Vrystaatse NP-koerant, Die Volksblad, láát verlede jaar Vrye Weekblad woes aangeval het en sy berigte oor die ongure sake-praktyke van miljoenêr-sakeman van Bloemfontein, Frikkie Siebert, "smeerberigte" genoem het.

Nou berig Volksblad al self oor dié man se dinge; hoe hy selfs sy ma verneuk het, hoe hy en sy vriend wat saam met hom selfmoord gepleeg het, Aids-toetse moes ondergaan.

* Dink ons Bloemfonteinse vriende nie 'n apologie sal in orde wees nie?

# Aasvoëls vergader reeds om warm troon

**Egbertus Klaagvoort**

## Waar is Ragsbanjo?

BURGERS ontwaak! Die bespiegelinge rondom die troonopvolging begin nou mos ruik na wensdenkery. Die wedywering onder die selfaangestelde primadonnas raak nou so warm dat die hele ou spul gevaar loop om uit te brand nog voordat die troon koud is.

Die aasvoëls vergader om die siekebed soos die swart geklede ou vroutjies in Zorba The Greek, die enigste verskil is net dat hulle beter Afrikaans praat, soos dit natuurlik Afrikaanssprekende aasvoëls betaam. Die Genootskap van Regte Afrikaner-aasvoëls, kan jy amper sê. Broederbonders ook.

('n Mens is verbaas om nie Sy Edele A Ragsbanjo daar op te merk nie - pruik lieflik in Caltex CX3 gemarineer, ogies konkelend terwyl die volgende komplotjie vorm aanneem. Sy Edele het rêrigwaar die skaamte van 'n bedgogga).

Moeder sê dit herinner haar aan die gewaak om dr Malan, foeitog, as hy nog gelewe het, sou hy seker nou al dood gewees het, as julle verstaan wat sy bedoel. Moeder het tog so 'n agting vir Doktor gehad, met sy waardige agterstewe en sy wysheid rondom die stemreg en so aan.'

n Subtiele woordjie van aanmoediging aan die Volksraad kom van Sy Hoogdrawendheid Admiraal Buthelezi, wat sê hy moet nou waai. Ek dink 'n mens noem dit 'n "strategic prod", net soos die een wat vir Nobel-pryswenner Albert Luthuli voor die trein laat beland het.

## Daisy van die stembus

Intussen sit Liewe Heunis die troon se sagte kussings warm. Wie gaan dalk daar uitbroei? Dié waarnemende Volksheld is 'n albatros om sy eie nek, en dit sal lê kos as hy die goue eier wil uitbroei wat hom die nuwe alwetende en almagtige volks-guru gaan maak.

Die verkrampte FW de Klerk, wat soos 'n sirkusarties gelyktydig weerskante van 'n draad kan sit, is weer met 'n albatros getroud, for better or for worse, al verwoes die




siekte op die middag, till death do us part. En die albatros se mond is nie gesnoer nie.

Nee kyk, geen Stoffel Both, geen noodregulasie kan madam De Klerk van haar politieke insigte weerhou nie. Dis skoon prikkelend om jou die regse gesprekke in te dink wat in die egpaar De Klerk se boudoir plaasvind. Veral betowerend is Madam se gerapporteerde verwerking van sogenaamde kleurlinge as "oorskiet" met sulke "wanpraktyke" in hul verkiesings dat "hulle op hul eie moet kook en vir die gelag betaal".

Daarom is dit glo goed dat hulle nie stemreg het nie.

Haai madam, julle eie Leon de Beer sou mos skoon in die gesig gevat wees deur die krasse uitspraak: Hy is tog seker die kampioen verkiesingskonkelaar van dié era, 'n soort Daisy de Melcker van die stembus. En raai, die ventjie is mos so lilly-white soos jy.

Egbertus het al juis begin dink dat wittes sedert 1978 van jou politieke oortuiging 'n monopolie op omkopery en wanpraktyke het. Hoe rym dit dan?

Madam De Klerk
Spring aan die werk
om omkopery
na "die kleurling" te herlei.
Maar wie 't veel meer bereik
met die wanpraktyk?
Dis de Beer (en dalk de Pontes)
- waarvan nie één bont is!

## Volksvers

Terloops, in haar tirade het Madam 'n pragtige strofe uit 'n volksvers oor die hoof gesien, of miskien het sy dit gebêre vir haar volgende dinnerparty. Sy kan dit heel paslik in die konteks van haar eie keuse aanwend:

"Ek hou van 'n man wat sy moeder eer....
en die baster-geslag
in sy siel verag...."

## Hoogverraad

As ek laster pleeg deur te berig dat die Volksheld saam met Palazolo geëet het, is dit seker minstens hoogverraad om selfs 'n enkele asem uit te pers oor die gerondjakker van 'n rits hogesiele in die VV - dit staan natuurlik vir Vermaas Vliegtuig. 'n Mens word geken aan jou vriende, sê Moeder, en sy sal weet.

# Nou begin die ware gevegte in NSL-sokker

George Pearl

DIE topspanne in die Nasionale Sokkerliga het minder as twee maande om hul asem terug te kry na verlede seisoen se jagtog op die ligakampioenskap.

Hierdie naweek moet hulle betaal vir hulle sukses deur hul moeë bene te sleep na die eerste kompetisie van die seisoen - die BP Top Agt en 'n prysgeld van R274 000, waarvan R60 000 na die wenner gaan.

In werklikheid het die meeste topspelers baie min rus gehad ná die koorsagtige eerste week in Desember toe Mamelodi Sundowns die Castle-Liga en Orlando Pirates die Bob Save Super Bowl gewen het.

Die meeste klubs argumenteer dat hulle hul spelers betaal, en daarom het spelers oral in plekke soos Seshego en Sibasa gespeel om hul geld te verdien.

Die NSL het reeds twee wedstryde gehad - Sundowns het net-net teen 'n Verkose XI in die Castle Classic verloor, en verlede naweek was Kaizer Chiefs die wenner van die Iwisa Charity Spectacular, 'n daglange toernooi vir vier spanne wat ook Pirates, Sundowns en Magic Curl Celtic ingesluit het.

Maar hierdie wedstryde was net skermutselinge. Die Top Eight is die eerste van die seisoen se werklike gevegte.

Die wedywering vir die boonste agt plekke loop hand aan hand met die gejaag na die titel self, en maak seker dat daar in die laaste vyf maande van die seisoen geen maklike wedstryde is nie.

As die mededingers om die titel nie oor naweke teen mekaar speel nie, speel hul sonder uitsondering teen spanne wat vir 'n plek in die Top Agt meeding of teen relegasie baklei.

Die liga se beste agt spanne lewer altyd interessante wedstryde.

Vanjaar se kompetisie begin met 'n wedstryd tussen Kaizer Chiefs (vierde in verlede jaar se liga) en Arcadia (derde).

Chiefs het 'n trotse Top Agt-rekord met sewe oorwinnings - die laaste in 1987 - maar in verlede jaar se kompetisie het Arcadia, 1986 se wenners, hulle 1-0 in die halfeindrondte getrap.

Noel Cousins, die doelskieter wat die wendoel op daardie dag geskiet het, het vinnig en honger gelyk toe hy vir die Verkose XI in die Castle Classic gespeel het.

Cousins sal voor 'n sterk verdediging speel waarin doelwagter Deshi Baktawer en agterspeler John Salter gewoonlik uitblink.

Chiefs het natuurlik 'n arsenaal van wapens. Hulle vertoning in die Iwisa Spectacular was wisselvallig. Die verdediging was oor die algemeen dig, maar daar was tye van slordige spel in die middelveld.

Die Amakhosi moet bemoedig voel met die vertoning van doelskieter Marks Maponyane, wat twee tipies atletiese kopdoele aangeteken het, en Scara Thindwa, wie se bedrieglike hardloopstyl nog steeds groot gate in die beste verdediging kan slaan.

Chiefs begin as effense voorlopers, maar Aracadia, wat verlede jaar tweede geëindig het, sal net met geweld van die beker weggehou word.

Hierdie is die eerste van twee hoofwedstryde op Ellispark. In die tweede wedstryd speel Orlando Pirates (sesde in die liga) en Jomo Cosmos (tweede) teen mekaar.

## Moeilik geklop

Pirates, wat die Top Agt vier keer gewen het (maar nog nie sedert 1983 nie), was in ellendige vorm in die Iwisa Spectacular, maar sal sekerlik nie weer so sleg speel nie.

As die Buccaneers-kamp weer van kort, vinnige aangeë gebruik maak, sal hulle moeilik geklop word.

Cosmos is nie 'n groot bekerspan nie, maar hulle het 'n paar uitsonderlike spelers. Augustine Makalakalane was verlede jaar se voorste doelskopper (in sy debuutseisoen) en Thomas Madigage, 'n briljante skakel, is op 17 een van Suid-Afrika se helderste jong sterre.

Sundowns speel teen die buiteperd Super Kurl Aces in die Super Stadion in Atteridgeville en Sundowns behoort te wen. Aces het nou 'n nuwe afrigter, die voormalige Peruaanse Wêreldbekerspeler Augusto Palacios.

Maar die sleutelspelers van Sundowns, die aanvallende heelagter Sam Khambile, die skakel Harris Choeu en doelwagter Mark Anderson, het uitstekend vertoon in Brazilians se ongelukkige nederlaag teen Chiefs in die Iwisa Spectacular.

Die laaste wedstryd hierdie naweek word in Bloemfontein gespeel, waar Magic Curl Celtic (vyfde verlede jaar) teen Wits Universiteit (agtste) speel. Wits, Top Agt-wenners in 1984, is 'n dapper span, met werklike talent in skakel Zane Moosa en die krag van die lang doelskieter Kevin Mudie.

Celtic is waarskynlik swak georganiseer weens die bedanking van hul bestuurder Dave Roberts en die vertrek binnekort van hulle ster-skakel Ernest Chirwali.

Maar Celtic het vloeibare sokker gespeel in die Iwisa Spectacular, met doelskieters Troy Saila en Lucas Skosana wat hul goed van hul taak gekwyt het.





Ander publikasies het ons al 'n 'dapper, verfrissende nuwe blad', 'n 'vars bries in 'n bedompige atmosfeer' en 'n 'heldhaftige, professionele projek met 'n roeping' genoem.

Die Staatspresident en die Minister van Justisie het deeglik van ons kennis geneem.

In net agt uitgawes het ons met ons vreeslose, gebalanseerde aanslag politieke en sakeleiers oor die hele spektrum laat regop sit.

'n Groot hap van die room van die Afrikaanssprekende leserspubliek wil nie meer 'n naweek sonder ons begin nie.

**Hoe lank kan jy bekostig om nie in Vrye Weekblad te adverteer nie?**

Vrye Weekblad

Bel Gus Fichardt vandag nog by 836-7236

# Oorsese span gaan fietsry laat floreer

Lappe Laubscher

SUID-AFRIKA kan hom klaarmaak vir 'n fietsryfees soos min. Vroeg in Februarie kom 'n internasionale span hier aan om ons beste manne op te keil.

"Ek kan net sê dat dit die beste span is wat Suid-Afrika nog besoek het," het Chris Willemse, ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Fietsryfederasie, dié week aan Vrye Weekblad gesê.

In die stadium wou hy geen verdere besonderhede bekend maak nie. "Wag en sien," was sy houding.

Die probleem was blykbaar dat 'n borg eers feitlik op die laaste nippertjie beklink is. National Panasonic borg die toer met R250 000. Die borgskap het dit moontlik gemaak dat van die beste jaers na Suid-Afrika gelok kon word.

Verskeie jaers was bereid om te kom, mits die geld reg was. Dit is tans die Europese af-seisoen en die manne soek plek om te kom ry.

Blykbaar het een van die wêreld se beste jaers ingewillig om onder sy eie naam hier te kom jaag. Van die ander manne sal onder skuilname hier deelneem.

Die grootste kommer in Suid-Afrikaanse fietsry-geledere is dat ons eie jaers nie opgewasse gaan wees teen die teenstand wat vir hulle wag nie.

Willie Engelbrecht is tans nie op sy beste nie. Alan van Heerden, Robbie McIntosh en Ertjies Bezuidenhout lyk en ry deesdae soos die veterane wat hulle is.

Van die ander manne is dit net die Beneke-broers, Mark en Gary, wat werklik skerp lyk.

Fietsryers het egter die vermoë om gou hul beste vorm te herwin. Die toer van die oorsese manne sal beteken dat Suid-Afrikaanse jaers dalk nou reeds met pronkprestasies gaan kom in hul gejaag om fiks te raak.

Verlede naweek het Mark Beneke juis die Suid-Afrikaanse rekord oor 40km verbeter wat 16 jaar agter die naam van Dries Oberholster gestaan het.

Een ding is seker: Fietsry gaan oor die volgende paar weke in Suid-Afrika blom.

## Sugarboy ons nuwe 'wêreldkampioen'?

Beer Pelser

DIE Natal-gebore Sugarboy Malinga boks vanaand in Berlyn, Wes-Duitsland teen die supermiddelgewig-wêreldkampioen van die International Boxing Federation, Graziano Roccighiani.

Malinga kom teen 'n hardnekkige langasem te staan wat sy teenstanders met marathonsessies uitput om sodoende 'n punte-oorwinning te behaal.

Dat "Rocky" Roccighiani voor sy tuisskare in die Deutschlandhalle veg, sal vir 'n verdere knop op die Suid-Afrikaner se gespierde maag sorg.

Daar is nie te veel oor die Skandinawies-getoë Duitser bekend nie, behalwe dat hy in sy onoorwonne rekord van 26 professionele gevegte nie gewoonlik sy opponente planke toe gestuur het nie.

Tog het hy sy titel gewen deur die Amerikaner Vincent Boulware in Maart verlede jaar in die sewende rondte van hul geveg meer sterre as strepe laat sien het.

### Kan foeter

Volgens die Malinga-kamp gaan hul bokser op lyfhoue konsentreer om die kampioen uit te put. Die taktiek kan Malinga duur te staan kom omdat Roccighiani 'n lang kêrel is en dit moeilik maak om naby aan hom te kom.

En vra maar vir Boulware, onse Rocky kan foeter as jy in sy pad kom.

Oor die waarde van die IBF-titel kan en sal nog baie geskryf word.

Dit word betwyfel of enige van die twee boksers in dieselfde klas as die WBA se Virgil Hill of enige van die aanspraakmakers op sy titel is. Tog is dit al krummels wat tans vir Suid-Afrikaanse boksers beskikbaar is en dit lyk of dit so sal bly.

Alles in ag geneem het flinkvuis Malinga te veel skietgoed vir die kampioen. Wat 'n IBF-titel ook al werd mag wees, die prestasie-honger Suid-Afrika behoort vanaand nog 'n wêreldkampioen ryker te wees.

# Goeie ou tyd toe rugbyspelers lojaal was

JARE gelede het 'n oud-kollega eendag in 'n oomblik van groot eerlikheid gebieg: "My lojaliteit word bepaal deur die aantal nulle op my salaristjek." Ek weet van vrouens wie se liefde vir hul mans ook aan dieselfde standaard gemeet word.

En wie is ek om te oordeel?

As dit by sport kom wil ek egter nog nie byt aan kommersiële lojaliteit nie. As seuntjie het ek gedroom oor die dag wanneer ek die Springboktrui oor my kop gaan trek.



Naas Botha — wou nie sy provinsie verlaat nie, maar . . .

In my drome het ek gevoel hoe my keel brand en hoe my knieë laat in die tweede helfte lam word. En dan het 'n All Black op ons kwartlyn deurgebreek.

Ek moes hom 80 meter ver jaag. 'n Tree van ons doellyn af het ek hom platgetrek.

Ek onthou nog daardie gevoel van "ek het dit vir my span gedoen". Wel, ek het toe nooit vir Suid-Afrika gespeel nie, maar ek het bly droom van die manne wat hul alles gee vir hul span.

Miskien het ek net oud geword in die era waar 'n speler dankbaar was om ná 'n wedstryd 'n warm bier en 'n koue vleispastei te kry.

Al die nostalgie het weer hier onder my vel kom inkruip toe daar die afgelope tyd vir Danie Gerber en Jan Lock in die rugbymark gebie is - soos die Arabiese vorste in die outydse slapbandboeke vir meisies vir hul harems gebie het.

Die meisies het altyd die mooiste oë gehad. Hul hare was almal lank en sag. Hul was almal skoonhede wat jou na jou asem laat snak het. En dan het die Arabiese vors hulle gekoop, gebruik en gebêre in nare plekke.

Af en toe het die held betyds opgedaag en met lewensveragtende dapperheid die skoonheid van haar lot gered.

Elke rugbyspeler wat in die mark is, vertel dat hy nou die stadium van sy lewe bereik het waar hy aan sy toekoms moet dink. "Ek kan nie vir altyd rugby speel nie," is die standaard opening-sin. Sy volgende stelling is gewoonlik: "Ek wil nie graag my provinsie verlaat nie, maar..."

Carel du Plessis het dit gesê toe hy 'n jaar lank in Johannesburg motors kom verhuur het. Naas Botha het dit gesê ('n paar keer). Danie Gerber het dit nou net weer gesê.

Almal manne wat hul siele op die markplein te koop aangebied het vir rugby se vorste om met tjekboeke hul talente te koop. Af en toe het 'n held hul gered van die onbesonnenheid.

Ek sal altyd onthou hoe Danie Gerber man alleen by die Toyota-klubkampioenskappe in Durban vir Despatch die beker gewen het. Ek sal ook altyd onthou hoe Carel du Plessis halfpad deur 'n Curriebekereindstryd van die veld gestap het toe hy vir Transvaal gespeel het. Altwee was beseer. Die een was lojaal; die ander gekoop.

Voordat ek heel pessimisties raak:



LAPPE LAUBSCHER op die skoonveld

Ek wonder hoeveel van die manne nog 80 meter met lam knieë en brandende kele agter 'n teenstander sal aanhardloop en aan die einde van die pad sê: "Dit was vir my span."

Miskien moet ek daaraan begin dink dat die jaar 1989 aangebreek het. Tog was die dae toe meisies uit liefde getrou het en spelers uit lojaliteit 'n trui oor die kop getrek het, goeie jare.

# Die Pous ons man van die week

Lappe Laubscher

DIE week is Vrye Weekblad se "Sportster van die Week" 'n verloorder.

Natuurlik kan 'n man nie Tony Johnstone se oorwinning in die Lexington PGA op die Wanderers miskyk nie. Daardie laaste sethou wat hy ingerol het, het die stempel van 'n ware kampioen gedra.

Dan het die fietsryer Mark Beneke in Pretoria die Suid-Afrikaanse rekord oor 40 kilometer met 36 sekondes verpletter. Die wyse waarop hy met kille vasberadenheid oor die laaste tweehonderd meter gejaag het, het die stempel van 'n ware kampioen gedra.

Maar dan is daar Graeme Pope-Ellis. Pope-Ellis het die Duzi-kanomarathon reeds veertien keer gewen. Niemand kan meer twyfel aan die 41-jarige kanovaarder se vermoë nie. Die enigste persoonlike probleem was dat hy op 41 nie meer baie kanse gaan hê om die Duzi te tem nie.

Verlede naweek was dalk sy laaste kans. In die laaste skof het hy kort op die hakke van die voorloper John Edmonds geroei. Skielik het hy agtergekom dat Edmonds foute maak.

Pleks van eenvoudig verby te roei en Edmonds aan sy lot oor te laat, het Pope-Ellis begin om instruksies te skreeu.

Aan die einde van die wedvaart was Edmonds vyf sekondes voor Pope-Ellis. Dit is toe dat Edmonds vertel het dat hy sonder sy kontaklense geroei het en nie kon sien nie.

"Dit was 'n dom fout, maar Graeme het my behoorlik gelei oor die laaste skof."

Graeme Pope-Ellis het wel nie sy vyftiende Duzi gewen nie. Miskien sal hy nooit sy vyftiende Duzi wen nie. Sy sportmangees gedurende die 1989 Duzi het egter nog 'n hoofstuk geskryf in die legende van die Duzi en Pope-Ellis.

Miskien het hy juis deur tweede te kom 'n groter oorwinning behaal as die veertien keer wat hy eerste was.

In 'n tyd van hoogs kompeterende sport was dit verfrissend om weer 'n sportman te sien wat sy eie eer ondergeskik gestel het aan die gees van sport.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

SPORT

Vrye Weekblad

● NSL-sokker — 14

● Sugarboy nuwe 'wêreldkampioen' — 15

# Tandekners om Curriebeker vir Tvl/N-Transvaal

Chris van Vuuren

SENUWEES van staal, die wysheid van Salomo, 'n glimlag van die geluksgodin en iemand om die reëngode vir die volgende 72 uur besig te hou is wat Transvaal en Noord-Transvaal se krieketspanne hierdie naweek verlang.

Die kookpot van Curriebeker-krieket word in die volgende drie dae 'n paar beslissende roere gegee wat bepalend sal wees watter span vroeg in Maart die Oostelike Provinsie die stryd om die kroon sal aansê.

Die harde werklikheid is dat met slegs een wedstryd oor Transvaal 'n polonieskilbreedte, slegs twee punte, voor Noord-Transvaal in afdeling een is.

Een van hierdie twee spanne sal na die naweek kan sê: Só naby maar tog so ver. Krieketoorlog word dus weerskante van die Jukskei-rivier verklaar waar Transvaal op die Wanderers teen sy tradisionele aartsvyand Westelike Provinsie speel en Noord-Transvaal op Centurion Park met die Vrystaat swaarde kruis.

## Waag

'n Oorwinning en niks minder as 'n oorwinning sal goed genoeg wees vir Clive Rice en Lee Barnard se onderskeie spanne nie. Albei veg vir alle praktiese doeleindes uit 'n laaste loopgraaf.

Die ongemaklike situasie waarin Rice en Barnard hulself bevind is dat kanse gewaag sal moet word aangesien hulle nie ten volle op hoogte sal wees wat aan die ander kant van die Jukskei gebeur nie.

WP is deesdae soos 'n ryp vrug wat reg is om gepluk te word. Transvaal sal die plukwerk gou en deeglik moet doen.

Die huidige kampioenspan het ook nie juis rede om breëbors rond te stap nie. 'n Reeks sukkelvertonings is juis die rede dat Transvaal nou teen die einde alles moet uithaal om te verseker dat hy in die finaal sal speel.

Louis Vorster, Bruce Roberts en Hugh Page se koppe het gerol maar die vraag kan wel gevra word of die wortel van die kwaad uitgetrek is.

Toegegee, Vorster en Roberts se kolfwerk het die afgelope ruk nie aan verwagtinge voldoen nie, maar dit is veral die boulers wat die afgelope paar wedstryde die groot sondebokke was.

Rice se rug, wat hom so opgekeil het dat hy slegs 'n veldwerker was, is glo slaggereed om die WP se verdagte kolflys af te maai op wat beloof om 'n groen mamba te wees.

Rod Estwick, Neil Radford (indien hy reg is), Brian McMillan en Richard Snell moet 'n onberispelike lyn en lengte moet handhaaf en die WP-kolwers voortdurend onder druk hou.

Vir 'n verandering sal hulle die dinge moet laat gebeur sonder om te wag dat dit vanself gebeur.

Dan sal die kolwers die taak hê om vinnig dog verantwoordelik lopies aan te teken. Nuwelinge Mark Venter en Kevin Rule sal hulle kolwe die praatwerk moet laat doen.

Die reeds uitgedunde WP-boulers moet vroeg van hul lengte geslaan word sodat Transvaal ten minste vier kolfpunte kan aanteken.

## Boemerang

Noord-Transvaal sal op Centurion Park ook 'n lewendige blad voorberei in die geloof dat sy snelaanval met Vinnige Fanie de Villiers aan die spits die Vrystaters twee keer sal kan afmaai.

Dit kan egter liederlik boemerang indien Allan Donald en Corrie van Zyl op dreef is met hul kartetse. In so 'n geval sal die onus op die Noorde se kolwers rus om die weg te baan na die eindstryd.

Mandy Yachad, Vernon du Preez, Barnard, Mike Haysman en Noel Day sal die tellinghouers moet laat swoeg vir hulle geld.


Mike Rindel, beweer sommige kenners, kolf soos 'n cowboy, maar selfs hulle sal moet erken dat hy die "kroeks" wat na hom boul soos krok laat lyk nadat hulle onder sy swiepende wilgerlat deurgeloop het.

Hierdie opwindende linkskolwer is die een speler wat die Wit Bulle tot in die eindstryd kan slaan.

Die derde wedstryd van die naweek, dié tussen Natal en die Oostelike Provinsie op Kingsmead in Durban, is bloot van akademiese belang.

Alle oë sal op Johannesburg en Verwoerdburg gerig wees waar 'n oorlewing van die fiksste aan die orde van die dag sal wees.

Vir sowel die spelers as ondersteuners van Transvaal en Noord-Transvaal het die uur van waarheid nou aangebreek. Nie net die senuwees nie, maar ook karakter en veggees sal getoets word.



Rod Estwick

Dan is daar natuurlik ook nog die reëngode wat 'n stok in die wiel kan druk ...

# Bianco sal moet uithaal

TWEE oorwinnings, en niks minder nie, is nodig om 100 persent seker te maak dat die Suid-Afrikaner Nico Bianco as algehele wenner uit die stryd tree om die 1989 Porsche Turbo-wêreldbeker Saterdag op Kyalami.

Bianco is net nege punte agter die Wes-Duitser Roland Asch na die eerste rondte van die wêreldbeker verlede naweek.

Na 'n pragoorwinning in die eerste wedren moes Bianco sien hoe 'n tweede oorwinning deur sy vingers glip nadat die Duitse kampioen hom in die derde rondte van die baan gestamp het. Hy het nie die stryd gewonne gegee nie en eindelik sesde geëindig.

Bianco sal steeds moet uithaal Saterdag in sy Porsche Minolta in die tweede en laaste rondte. Asch het net soos sy landgenote, Rudiger Schmitt, George Pacher en Wolfgang Wolf, bewys dat hy blitsvinnig is.

Twee oorwinnings Saterdag sal 'n verdere 40 punte by Bianco se 26 voeg om aan hom 'n totaal van 66 te gee. Dit beteken dat hy Asch met 'n enkele punt sal klop indien Asch tweede eindig in albei die wedrenne om sodoende nog 30 punte tot sy 35 te voeg.

Ander wat ook nog 'n kans staan om die Wêreldbeker te wen, is Schmitt met 23 punte, Pacher met 22, Wayne Taylor van Suid-Afrika met 18, Wolf met 12 en Suid-Afrika se Toby Venter met 11 punte. - Sapa

# Pokerspel in krieket begin nóú

Lappe Laubscher

"ONS sal nou minder van 'n gewetenswroeging hê as ons die internasionale krieketwêreld in chaos dompel."

Dít was die reaksie van Joe Pamensky, president van die Suid-Afrikaanse krieketunie, op die besluit van die International Cricket Conference (ICC) dat enige speler wat in Suid-Afrika kom speel vier jaar lank uit internasionale krieket geskors sal word.

Hy het nie uitgebrei op die beswaarlik bedekte dreigement nie. Daar kan egter aanvaar word dat die Suid-Afrikaanse Krieketunie in die toekoms meer rebelletoere na Suid-Afrika sal bring.

## Invloed

Wat die invloed hiervan op wêreldkrieket sal wees, sal afhang van die gehalte van die spelers wat die krieketbase na Suid-Afrika kan lok.

Indien die spelers hoofsaaklik spelers gaan wees wat aan die einde van hul loopbane staan, sal die invloed waarskynlik minimaal wees.

Indien van die wêreld se beste spelers uit Australië, Engeland en Nieu-Seeland in Suid-Afrika kom toer kan dit 'n groot dilemma vir wêreldkrieket skep.

Dit sal beteken dat die tradisionele krag van krieket in die wêreld dramaties sal verskuif.

Eddie Barlow, voormalige Springbok-krieketspeler, verwag dat dit selfs kan lei tot 'n skeuring in die ICC. "Engeland sal net nie bereid wees om jaar na jaar met sy tweede en derde span teen Wes-Indië te speel nie. Dieselfde geld vir lande soos Australië en Nieu-Seeland."

Clive Rice, kaptein van die Springbokke, sien die optrede van die ICC as kortsigtig.

"Hulle wil krieket in Suid-Afrika wegwens.

"Dit is nie moontlik nie. Natuurlik sal dit vir ons lekker wees om weer amptelik terug ontvang te word in die krieketfamilie.

As hulle egter nie vir ons 'n kans wil gee nie, steun ek Joe (Pamensky) se pogings om ander oplossings te soek."

In dié stadium wil dit lyk of die krieketwêreld op die vooraand van 'n pokerspel sit. Suid-Afrika vier vanjaar sy eeufees. Sover is die planne vir die fees taamlik versigtig aangekondig.

Wat die ICC weet, of behoort te weet, is dat Suid-Afrika nou gaan terugval op rebelletoere. Hulle standpunt is blykbaar dat die moontlikheid hulle nie afskrik nie.

## Baie geld

As Suid-Afrika sulke toere op die lang termyn wil reël, sal hy enorme bedrae geld in krieket moet pomp. Die ICC hoop dat sulke toere een of twee keer sal plaasvind en dat die bron van inkomste dan sal opdroog.

Gebeur dit kan die res van die wêreld rustig krieket speel en van Suid-Afrika vergeet.

Suid-Afrika spel in dié stadium nie alles uit nie, maar dit is duidelik dat Pamensky en sy raadgewers hoop dat hulle die beste spelers in die wêreld op hul boeke sal kry. Gebeur dit kan internasionale televisieregte dit vir Suid-Afrika moontlik maak om onbeperk met rebelletoere voort te gaan.

Die voordeel wat Suid-Afrika het, is dat hy reeds geleer het uit die Packer-onderneming.

Dieselfde foute sal nie weer gemaak word nie.

'n Ander scenario is dat Suid-Afrika op die kort termyn so 'n ontwrigtende uitwerking op internasionale krieket sal hê dat die ICC òf sal skeur òf dat daar weer na Suid-Afrika se saak gekyk sal moet word.

Die posisie is tans dat die Engelse spelers graag teen Suid-Afrika wil speel.

In Australië is die verdeling omtrent 50/50 onder die spelers en so ook in Nieu-Seeland. In Wes-Indië sal Suid-Afrika ook kan reken op omtrent 30 persent van die spelers.

Wat nie bekend is nie is die gehalte van die spelers.

Sou die spelers die beste manne wees, het Suid-Afrika die beste kaarte in sy hand. As dit egter nie die topspelers is nie, het die ICC die beste kaarte.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

Bylaag tot Vrye Weekblad 27 Januarie, 1989


# VryDag



## SUSAN COETZER

se vertolking van Soekie in Reza de Wet se Diepe Grond is met twee Vita-toekennings bekroon. Intussen is sy getroud en Frank jr is gebore. Susan benader die rol van May in Sam Shepard se Fool For Love, binnekort deur Truk opgevoer in Afrikaans as Dol vir Liefde, vanuit 'n nuwe en meer volwasse o o g p u n t. Andrea Vinassa praat met haar — 4


ROZANNE BOTHA: 'n Keur uit haar weeklikse Beeld-rubriek is pas gepubliseer. Lees meer oor PW se dogter se "skryftalent" op bladsy 6



## WILDE-HONDE

word met satelliete gevolg, om hulle voortbestaan te verseker — 9

## BEAU SE BOUDE nou op video — 3



DE NIRO se beste? — 5

TOM WAITS, Susan Vega, James Taylor bring hulde aan Disney — 5



'Dodelike' Parmesaan - 8 * Sigourney se ape - 3 * Chuck Berry in Hillbrow - 3

# Brink skets ons krisis eintlik besonder goed

boeke-blad

Onder redaksie van VICTOR MUNNIK

TOE Brink se States of Emergency verskyn, was Britse resensente met enkele uitsonderinge gaande; Suid-Afrikaanse resensente deur die bank afwysend.

Dalk moet Brink homself die skuld gee vir die Suid-Afrikaanse reaksie. Sy oënskynlike pogings om homself martelaar te maak terwyl honderde om hom sterf en tienduisende aangehou word; sy teenstrydige handelinge wat sensuur betref en in die laaste instansie sy septerswaaiery as die land se literêre koning, het te dik vir 'n daalder vir baie mense begin word.

Gerrit Olivier het hom baie doeltreffend aangevat, maar moes erken dat die boek "boeiend" was; Gunther Pakendorf het die vloer gevee met hom, maar 'n halwe Bürger-bladsy gevat om dit te doen; Rike Vaughan moes in 'n

**States of Emergency, deur André P Brink. Uitgegee deur Faber en Faber. Resensie deur Hans Pienaar**



tegnies voortreflike stuk kritiek ook praat van "verbluffende virtuositeit".

In die proses is 'n paar dinge dalk misgekyk, dinge wat myns insiens van States of Emergency 'n besondere boek maak.

Die "verhaal" is dié van 'n professor in die literêre strukturalisme wat verlief raak op 'n jonger kollega te midde van die "waterskeidingsjaar", 1985, se opstandighede. Hy kry ook te doen met 'n manuskrip van 'n skryfster wat verlief geraak het op 'n aktivis, en selfmoord pleeg nadat die polisie hom gevang het.

Hy skryf sy eie verhaal, en laat dit in verskillende rigtings loop, sodat 'n mens met 'n magdom permutasies van proto-verhale sit waarmee Brink heel vernuftig speel en wat hy op die regte oomblikke laat onderbreek met 'n joernalistieke narratief oor PW se noodtoestand, beskrywings van massageweld en aanskoulik geskrewe stukkies literêre teorie.

Die kritiek hier te lande was sommer gou op hierdie spelery, as sou Brink 'n God wees wat sy karakters wil manipuleer, en sy skryfwerk voorhou as dekonstruksie terwyl hy eintlik net sy eie mag verskans in sy woorde.

Wat hierdie kritiek ook noem, maar nie behoorlik deurdink nie, is dat die professor/skrywer, veral na aanleiding van sekere voetnote, as Brink self gesien kan word. Wat hier in "totaal" ten toon gestel word, is niks anders nie as die mens Brink se psige, dit wil sê, patrone van sy styl. Deur te wys hoe hy God speel, onderwerp Brink hom juis aan 'n self-kritiese en self-parodiërende proses.

Binne hierdie raamwerk moet 'n mens die tipiese Brink-stereotipes, die banaliteite, die Barbara Cartland-opsette, die purple prose ook sien. Trouens, die belangrike is die wisselvalligheid in die skryfwerk, die mengsel van geronde karakters (die professor se vrou Greta) en ongerondes (die engelsuiwere aktivis Chris de Villiers), absoluut swak prosa (die ontmoeting in die hotel tydens 'n bomontruiming) en Brink soos-almal-weet-hy-kan.

Dit het niks te doen met eerlikheid, of oneerlikheid soos al beweer is nie. Dit gaan hier om die fragmentasies van die hedendaagse, die onvermoë om te bepaal of iets eerstehands of tweedehands is, die gebrek aan die sement van narratiewe in 'n sinnelose, geskiedenislose post-kapitalistiese bestaan wat dreig om in duie te stort, maar dit nie doen nie.

Teen hierdie voorgrond is daar die agtergrond van die opstand, waar telkens uit 'n enkele interpretasiehoek beskryf word. Dit is 'n sofistiese greep van Brink, maar 'n doeltreffende een, want watter interpretasie 'n mens ook heg aan die gebeure van 1985, dit staan vas dat elke interpretasie uitloop op die geskiedkundige onherroeplikheid wat bereik is met die noodtoestand.

Hierdie eenduidigheid is die krisis wat elkeen in Suid-Afrika vandag betrek, omdat dit buite bereik bly in vandag se dubbelsinnigheid, onsekerheid, veelduidigheid - 'n vorm van die noodtoestand wat Brink besonder goed uitbeeld.

Dit is die laat Brink van 'n Droë Wit Seisoen, versoen met die vroeë Lobolo vir die Lewe, iets wat miskien die moeite werd is om 'n hele literêre loopbaan lank voor te wag.

**Brink se States of Emergency is - weens 'n glips - te koop by Frank R Thorold in Johannesburg**

# 'Waarvan jy nie weet nie, pla mos nie'

GOEIE genade! 'n Mens staan skoon verleë teenoor die loutere amateur-agtigheid van hierdie poging. Die boekie beslaan sowat 80 bladsye "prosa" in die vorm van 'n "keur uit 'n weeklikse rubriek deur die skryfster (sic) wat oorspronklik in die oggendblad, Beeld, verskyn het". Die leser word ook blootgestel aan 'n drietal "gedigte" wat mej Botha klaarblyklik in 'n baie vroeë tydperk van haar lewe gepleeg het.

Hierdie "keur" uit mej Botha se werk, waaronder 'n mens verstaan 'n keuse uit haar beste pogings, spreek van selfbevrediging, en is feitlik uitsluitlik onoorspronklik, oppervlakkig en tekenend van 'n persoonlikheid wat op die ouderdom van 28 jaar nog nie wasdom bereik het nie.

Mej Botha blyk nie te veel belang te stel in die wêreld buite haar onmiddellike omgewing en ervaringsveld nie (en dié is opmerklik beide beperk en uitermate beskermd). Sy staan onkrities teenoor die rol van anderskleuriges, en soms selfs ongevoelig, en skyn geen grond vir kritiek te vind in die rol van die heersende politieke bestel in hierdie hoogs gepolitiseerde samelewing nie. Al hierdie dinge laat haar poging mank gaan aan die

**Libra, deur Rozanne Botha. Joan Lötter-publikasies, Pretoria 1988. R19-95. Resensie deur Jonathan Bergh**



insig wat 'n leser regtens sou kon verwag.

Geen boek is natuurlik van alle meriete ontbloot nie. Daarvoor sorg die blote werkywer, sweet en hartebloed wat in die produksie daarvan gestort word. Hierdie boekie is ook geen uitsondering nie.

Ten spyte van die goedkoop papier waarop dit gedruk is, is dit nie onkeurig uitgegee nie. Taalversorging is skaflik, en die proeflees goed. Daar is seker nie meer as 'n halfdosyn taalgebreke en proefleesfoute nie.

Maar wat van die inhoud?

In 'n "Inleiding" tot die werk probeer Audrey Blignault haar bes om verdienstelikheid uit te pers.

Ek is bevrees dat die "klinkende uitsprake" waarna sy verwys, nóg treffend, nóg oorspronklik is. Voorbeelde wat uitgelig word, sluit in die sinsnedes "sonder gebondenheid is daar geen ware vryheid" (nou waar het ek dan hierdie uitspraak al teëgekom?); "'n mens is wat jy dink en hoe jy dink"; en "Wat jy is, is God se geskenk aan jou. Wat jy word, is jou geskenk aan God". Laasgenoemde het selfs mej Botha in aanhalingstekens geplaas.

As iemand vir wie dit nie beskore was om die rubrieke in Beeld te lees nie, wonder ek onwillekeurig of dit dalk op die godsdiensblad verskyn het. Daar gaan haas nie 'n bydrae verby waarin die Almagtige nie teen wil en dank ingesleep word nie.

Mej Botha se gelowigheid is prysenswaardig, maar sy moet darem nie so daarmee te koop loop nie.

Net so met die verwysings, ad nauseam, na haar ouers. Mej Botha staan dertig se kant toe, en woon blykbaar steeds by haar ouers in. Dit is seker óók prysenswaardig; maar wanneer sy haar hand aan papier slaan, moet sy werklik probeer om haar van hul voorskootpante los te maak. Al is Pappa 'n bekende Staatshoof in Suider-Afrika, raak 'n mens moeg van die eindelose gedweep met hom. Terwyl 'n mens inderdaad mej Botha se kreet van "as ek iets bereik, is dit oor wie se dogter ek is" (bl 72) begryp, is sy nietemin die argitek van haar dilemma, te oordeel aan hierdie versameling.

Die stukkies prosa in hierdie werk vertel ons die een en ander oor mej Botha. Dat sy godsdienstig is, haar ouers vereer, haar land liefhet. Dat sy ongeduldig is, en dikwels neerslagtig. Sy is kinderlik lewenslustig en miskien bedorwe. So, byvoorbeeld, sug sy as sy nie kleurtelevisie kan kyk nie. Sy voel verlore as sy sonder elektriese lig moet sit. Sy besoek restaurante, hou dikwels vakansie en baljaar op waterski's.

Nie een enkele maal maak sy in selfs die geringste sinsnede 'n verwysing na die kontras waarmee die meerderheid van haar landsburgers vervloek is nie (as gevolg van 'n beleid wat haar almagtige vader reeds 40 jaar lank steun). So 'n gedagte kom nie eens by haar op nie wanneer sy mymer oor hoe lekker dit is "om die reën

*Na bladsy 7*

# Buite blink, maar binne stink

ELDORADO Park sit tussen Soweto se Selection Park, Pimville en die woonbuurt Lenasia. Hy word verdeel deur 'n teerpad en 'n verwaarloosde gholfbaan. Dis 'n tussen-in ghetto soos die sowat 300 000 tussen-in mense wat daar woon.

Eldorado is miskien die mitiese "Plek van Goud" vir Spaanse romantici, maar vir die veelkleurige mense wat hul kort lewens in rasse-skeiding deurbring, is dit 'n dal van vlietende emosies. Glad nie anders as al die ander woelige townships in Suid-Afrika nie.

Daar is groter rykdom en 'n groeiende middelklas, en dit kan gesien word aan die besittings, leefstyle en gedragspatrone van 'n groot deel van die gemeenskap. Dubbelverdiepings en half-paleisagtige wonings lig hul bourgeois krone al hoër teen die immer-veranderende luglyn.

Die kors van skynbare welvaart

**Don Mattera skryf uit Eldorado Park**



gee dikwels die indruk dat dit oral blink is. In werklikheid verskuil die blink laag die verrotting van 'n verskriklike armoede, van dwelms en dronkenskap, die verlies aan waardigheid wat kom van werkloosheid, en die ingekeerde geweld wat die gevolg is van die smeltkroes van menslike vervreemding.

Dit wemel van moskees, kerke en tydelike plekke van aanbidding - tussen die swerm matchbox-huise van sandsteen en woonstelkomplekse in die township.

Mense soek na God en hulself in sang en gebed. Daar is musiek-instrumente, simbale en tamboeryne: mense wat driftig bid, roekeloos drink en in die vuur van altwee sterf.

Godsdiens, drank, geweld, sport en voortplanting. Dis goeie, morele mense, regskape en respektabel, wat leef in 'n skemergebied.

Die opbrengs uit mandrax en die "bossie" gee die groot dwelmverkopers 'n onverdiende fatsoenlikheid in die middelklas.

Die dae van "hare en velkleur" as die maatstawwe vir rasse-aanvaarding is aan die uitsterf - nog nie dood nie, maar aan die uitsterf.

Darem...

Dan is daar die gedurige, alomteenwoordige bedreiging van die straatbendes: Dirty Kids, Disco Kids, Bristol Kids, Young Ones, Mission Boys, Spinners, Masadas, Wire Gang, VGV's, Spoilers en Spoilars (al is daar 'n verskil in die spelling, is hulle tweelinge wat bloedlaat betref) Pantsula Kids, Wings, Houghton Kids, California Kids, Rambo Kids, Loegins en die Dough Rush.

Daar is omtrent agtien ander sulke bendes.

Hulle is sonder vriende, geweldadig, gevreesd...

Wel, nie heeltemal sonder vriende nie. Daar is 'n handvol mense wat omgee, met hulle kontak maak en help om sommige van die sowat 3000 jong, dom en misverstaande straatkinders te rehabiliteer.

En terwyl hulle gevegte aangaan, lui die kerkklokke, leef die dwelmbaronne rustig voort, vloei Gharles Glass se brousel en die "Grapes of Wrath". Profyt bepaal mos beginsels.

En die goeie mense bid, en die slegtes hou aan om arbitrêr te heers, en bomme ontplof, en die priesters van die struggle skreeu "a luta continua"... Niemand loer eers na hierdie skemer-ghetto waar die kors van menslike ongevoeligheid die hardkoppige woede van 'n gemeenskap in krisis wegsteek nie, sonder om te weet of hulle die pas moet markeer, of voorwaarts mars, of vorentoe moet hardloop, of die tyd moet gryp of... of...

# Kaas vir kenners van Cremonas

VERLEDE naweek het ek waarskynlik die beste kaas geëet wat in Suid-Afrika gemaak word - dié van Cremona en Seuns.

Oubaas Cremona en sy seuns het ongeveer 20 jaar gelede uit Italië hierheen gekom en ná 'n nederige begin is hulle vandag ons land se voorste kaasmakers.

Hulle het die wysheid van eeue se kaasmaak uit hul geboorteland hierheen gebring, en ons kan dankbaar wees dat hulle hier kom wortelskiet het.

## Snoeperye

Die kwaliteit van ons plaaslike kaas laat oor die algemeen veel te wense oor en dit is allesbehalwe goedkoop. En as jy goeie ingevoerde kaas in supermarkte koop, moet jy groot geld uithaal.

Daarom is dit die moeite werd om met Hoofrifweg in die rigting van Krugersdorp te ry. Anderkant die munisipale grens van Krugersdorp is daar 'n bordjie aan die linkerkant van die pad: Cremona and Sons. Jy ry 'n paar kilometers op slegte sinkplaatpad totdat jy by die kaasfabriek kom.

Aan die voorkant is 'n winkeltjie waar die Cremonas hul eie kaas verkoop, asook Italiaanse pasta, salami's, broodstokkies, olywe, ingelegte soetrissies en nog 'n paar ander snoeperye.

Teen die muur hang talle pryse wat die Cremonas op skoue dwarsdeur die land gewen het.

Jy kyk net na die kase en weet: hierdie mense ken hul storie. Die kase se skakeringe wissel van wit tot liggeel. Die Cremonas gooi nie kleursel by hul kase nie, en die enkele oranje kaas wat daar lê is nie deur hulle gemaak nie. Dis daar vir mense wat glo kaas moet 'n vulgêre oranje kleur hê, maar hulle leer vinnig wanneer hulle die Cremonas se kase eet.

Die man agter die toonbank, Claudio Guistizieri, begin om flentertjies kaas vir jou af te sny sodat jy kan proe. Dis soos 'n reis deur 'n wisselende landskap - subtiele kase, sterk kase, effe neutrale kase...

Die pryse is baie redelik en dit is selfs die moeite werd om van ver te ry indien jy in redelike groot maat koop. Ons het gesels met 'n paartjie wat net elke twee maande die winkel besoek, maar dan R150 se kaas koop.

My eie rekening, wat rojale snitte van nege kase en 'n groot klomp olywe ingesluit het, het op R53 te staan gekom. Ek moet sê dit is genoeg kaas vir 'n ete vir ten minste agt volwassenes.

As jy 'n klompie vars vrugte, 'n salami, 'n groen slaai en lekker wyn byvoeg, het jy wat die Engelse 'n "gourmet spread" noem. Onthaal met die Cremonas se kaas en jy het 'n kaas-en-wynpartytjie met 'n verskil.

## Openbaring

By die huis aangekom, het ons onmiddellik begin eet.

My indrukke van die kase is soos volg:

* Parmesaan. Dié Parmesaan, wat 'n jaar beleë is, was 'n openbaring. Ek is bevrees die fyn Parmesaan wat ons hier koop om oor ons pasta te gooi, is nie die beste wat Italië lewer nie. Dit is oor die algemeen kru en skerp, en daar hou die smaak op.

Signor Cremona en sy seuns se Parmesaan is iets heeltemal anders. Dit het 'n vrugtige smaak - nartjies, lietsjies of pruim het ons geraai, maar ons kon die smaak nie vaspen nie. Omdat dit 'n jong kaas is - Parmesaan verouder tot drie jaar lank - hoef jy dit nie te rasper nie. 'n Heerlike kaas. Ons was almal in vervoering daaroor.

## Subtiel

(Ou Parmesaan is kliphard, en kan tot 25 jaar lank hou. 'n Paar jaar gelede het 'n Italiaanse vrou haar man met 'n stuk Parmesaan doodgesteek.)

* Fontina, is 'n beroemde Italiaanse kaas wat in Piedmont gemaak word. Dis 'n heerlike romerige kaas met 'n subtiele smaak en herinner aan soetmelkkaas.
* Pecorino is 'n cheddar-agtige kaas. Ek was nie baie beïndruk met dié kaas nie.
* Gorgonzola is 'n uitstekende bloukaas met 'n baie romerige tekstuur. Die skerp smaak word deur die romerigheid versag. 'n Baie goeie kaas.
* Asagio (beleë) is ook 'n cheddaragtige kaas, met baie, baie smaak. 'n Uitstekende kaas.
* Botterkaas (Buttiri) is 'n kasie wat soos 'n vet mannetjie lyk, en in die middel van sy maag is daar 'n groot klont botter. Dit word van bo na onder gesny sodat elkeen 'n bietjie van die goudgeel botter kan kry. Dit het 'n sagte smaak.
* Italico is 'n neutrale, surerige kaas wat effens aan maaskaas herinner. Dit het 'n romerige tekstuur.
* Emmenthal is 'n kaas met groot gate, en is verwant aan die beroemde Gruyère-kaas van Switzerland. Dit het 'n sagter smaak as Gruyère, hoewel die Gruyère-smaak duidelik deurkom. Die Cremonas se Emmenthal is baie goed.
* Hulle Brie is goed, maar niks beter as ander goeie Brie's wat op die mark is nie.
* Ons het ook Mozzarella gekoop, wat baie in kookkuns in pizzas en pastas gebruik word. Dit is 'n draderige, effe smaaklose spierwit kaas wat soos beskuitbolletjies lyk. Die bolletjies kan afsonderlik gevries word, en uitgehaal word wanneer jy daarmee kook.

Volgende keer wanneer ek die Cremonas besoek gaan ek hulle ander kaas probeer, maar vyf van bogenoemde kase koop ek sekerlik weer: Parmesaan, Fontina, Gorgonzola, Asiago en Emmenthal.

Doen jouself 'n guns en gaan kuier vir die Cremonas. Die kwaliteit van die kaas en die redelike pryse vergoed ruimskoots vir die petrol wat jy uitry.

Gaan proe die handewerk van meestervakmanne. Hul telefoonnommer is 011-7662163, en hul winkel is ook op Saterdagoggend en 'n deel van Sondag oop.

KOOS COETZEE


Est 1987

Yard of Ale

*By die Mark-Teater*

Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense

• Die ideale plek vir u funksies

Bespreek vandag : 836-6611/2


## Oeps!

'N FOUTJIE het verlede week ingesluip in die resep vir Spaghetti Bolognese. "Twee eetlepels fyngekapte uie" is twee keer in die resep genoem. Die een moes gelees het "twee eetlepels fyngekapte wortels".

Hoewel dit nie die resep sal ruïneer nie, maak dit tog 'n verskil.

# Bordeaux-wyne meer as R100 se proe werd

**BJ Lankwarden skryf oor 'n onlangse proewery van Bordeaux-wyne in Johannesburg**

HOEWEL die aand R100 'n persoon gekos het, het die meeste mense daarna gewonder hoeveel méér as R100 dit werd was.

Só geslaagd was die wynproewery en ete van die Union des Grands Crus de Bordeaux op 16 Januarie by die Inanda-klub. Die funksie is deur 180 mense bygewoon.

Die Union is verteenwoordig deur elf Franse chateaux (landgoedere) wie se eienaars saam met hul vroue na Suid-Afrika toe gekom het. Die meeste van hulle was die eerste keer hier.

Die was 'n indrukwekkende geleentheid. 'n Groot proe-gebied is op die onderdak-terras voorberei waar elf wyne geproe sou word.

Daar was 'n droë wit 1986 van Chateau la Grave, wat van die Semillon-druif gemaak word, en 'n paar maande lank in hout verouder is. Dis 'n jong wyn met karakter wat ten minste ses tot agt jaar sal neem om ten volle te ontwikkel.

St Emilion was volledig daar met wyne soos Chateau Canon 1983, Chateau Pavie 1983 en Chateau Figeac 1982, wat deur baie mense as ongelooflik goed beskou is.

Van Pomerol was daar Chateau La Croix de Gay 1983 en van Graves was daar Chateau Fieuzal 1983 en Domaine de Chevaliers 1985.

Daar was twee soetwyne van Barzac, asook Chateau Doisy Vedrines 1982 en Chateau Broustet 1981. Van Margaux was daar Chateau Palmer 1983 wat baie, baie goed was.

Van Pauillac was daar Chateau Poichon Lalande 1983 wat eenvoudig ongelooflik was. Dit was sekerlik beter as ander wyne soos Chateau Mouton, Chateau Lafite en Chateau Latour van dieselfde jaar, wat hoër aangeslaan word. Ek herhaal: dié wyn is ongelooflik!

Die ete is in die danssaal gehou en die organiseerders het die hulp van Germain Marquis van Les Marquis-restaurant vir die kos ingeroep.

Die ete was uitstekend en het uit vier gange bestaan. Tydens die eerste gang is 'n droë witwyn bedien en met die volgende gang vier rooiwyne, onder andere 'n baie interessante Chateau Fieuzal 1979 van Graves en 'n Chateau Pichon Lalande 1978, wat een van die hoogtepunte van die aand was.

Die hoofgang - koedoe-filet - is bedien met drie St Emilion's en 'n Margaux. Dit was ou wyne van tussen 1966 en 1971. Dit was duidelik dat die vraag na hierdie wyne groot is, en dat hulle baie gewild is.

Tydens die maaltyd het elke eienaar van 'n landgoed sy/haar landgoed en wyn bespreek.

Die nagereg is bedien met twee soetwyne van Barzac.

Dit was 'n wonderlike aand. Die geleentheid (aandpakke), die mense, die kos, en veral die wyn het bygedra om dit 'n aand duisend te maak.

Volgens die organiseerders sou hulle 400 kaartjies kon verkoop indien dit beskikbaar was. Dit was vermaak van die hoogste orde.

Die Union des Grands Crus de Bordeaux is 'n organisasie waaraan alle geklassifiseerde landgoedere in Bordeaux behoort. Hulle onderneem gereeld promosietoere na die uithoeke van die aarde en het Australië verlede jaar besoek.

Hulle besoeke wek gewoonlik groot belangstelling en die verkope van Bordeaux-wyne styg. Die geleentheid om wyn te proe - dit is nie moontlik in drankwinkels nie - lei tot hoër verkope.

In Europa hou baie drankwinkels op Saterdae 'n proewery van internasionale wyne. Waarom kan ons dit nie ook hier hê nie?

# Mama laat jou wag en wag . . .

MENSE sê vir my my restaurantresensies is te negatief. Ek het toe na my resensies gaan kyk, en gevind dat drie resensies tot dusver positief was en drie negatief. Ek dink dit is 'n goeie balans.

Ek is hoegenaamd nie bereid om swak restaurants op te hemel nie. Die gemiddelde restaurant in Suid-Afrika is swak, en daar is baie mense wat die restaurantbedryf net as 'n metode sien om 'n vinnige rand te maak.

Baie dikwels het hierdie mense hoegenaamd geen idee wat goeie kos is nie.

Dié week wil ek mense skok deur 'n resensie te skryf oor 'n restaurant waar ek nie geëet het nie. Hoe is dit moontlik?

Ek en my vriendin wou een middag 'n pizza gaan eet by Mama's Place (La Lanterna) in Yeoville. Dit was 'n warm dag, en ons was dors. Twee spyskaarte is voor ons neergeplak en toe ons weer sien is die kelnerin weg. Ons word nie eens gevra of ons 'n koeldrankie wil drink nie.

En toe begin die wag. Ons het gewag, en gewag, al was daar nie meer as 15 mense in die restaurant nie. Uiteindelik het my vriendin opgestaan en Mama gaan vra of ons bedien kan word. Mama het haar hoegenaamd nie aan ons gesteur nie. Ons het nog steeds gewag.

Toe ons uiteindelik besluit om uit te stap het Mama sonder enige verbasing na ons gekyk asof dit die natuurlikste ding in die wêreld is wat ons doen.

Mama is blykbaar 'n instelling in Yeoville, maar die mense sê vir my as sy nie van jou gesig hou nie, het sy nie draad vir jou nie. Nou wonder ek van wie se gesig sy nie gehou het nie: myne of my vriendin s'n?

Mama se pizzas is blykbaar eetbaar, maar haar diens is pateties.

Arme Yeoville, met sy gebrek aan restaurants.

KOOS COETZEE

